

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
AAN DIE SENAAAT

Vrydag 8 Maart 2019

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoudsopgawe

Inleiding.....	4
Tema 1: 'n Florerende Universiteit Stellenbosch	4
1.1 Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024.....	5
1.2 US Strategiese Plan	5
1.3 Institusionele Plan (IP)	6
1.4 Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB)	6
1.5 Planon-inwerkingstelling.....	8
1.6 Vernuwing van studente- en finansiële stelsels	9
1.7 SUN-e-HR opgegradeer	9
1.8 Volhoubaarheid van nuwe akademiese programme.....	9
1.9 Toekennings vir voortreflike onderrig en navorsing.....	10
1.10 Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK).....	11
1.11 Desember 2018-gradeplegtighede	12
1.12 Die strewe na gehalte aan die US	12
1.13 Wêreldranglyste.....	12
1.14 Korporatiewe kommunikasie	12
1.15 Kommunikasietoekennings.....	17
1.16 Eeufeesprojek	17
1.17 Omgewingsvolhoubaarheid	18
1.18 Diensfooi vir aandpendeldiens vanaf Maart 2019.....	18
1.19 Inligting en privaatheid	19
1.20 Risikobestuur.....	19
1.21 Biomediese Navorsingsinstituut	20
1.22 Coetzenburg-atletiekstadion	21
1.23 Geestesgesondheid en ander intervensies	21
1.24 Misdadstatistieke	22
1.25 US Woordfees en US Koor	22
Tema 2 : 'n Transformerende studente-ervaring	22
2.1 Droomverwelkoming	23
2.2 Registrasie 2019	24
2.3 Voorgraadse inskrywings	24
2.4 Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS)	25
2.5 Nuwe US-leningskema ondersteun die 'verlore middelgroep'.....	26
2.6 Registrasie en verblyf.....	27
2.7 Koshuisplasing van nuweling-eerstejaarstudente	27
2.8 Nuwe studenteleiers.....	28
2.9 Siyakhula-werksessies.....	28
2.10 Studenteontwikkeling en -mentorskap aan die US	29
2.11 Studentevrywilligerdiens	30
2.12 Ontwikkeling van hibriediese leerprogramme	30
2.13 Akademiese kortprogramme vir internasionale studente.....	31
2.14 Nuwe Study Abroad-inisiatiewe.....	31
2.15 Internasionale akademiese kortprogramme vir Stellenbosse studente.....	32
2.16 JustLead!	32
2.17 Tolkdiens	33
2.18 Elektroniese studenteterugvoerstelsel.....	33
2.19 Maties Sport.....	33
Tema 3: Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke.....	34
3.1 Gekoördineerde skakeling met belanghebbendes	34
3.2 Transformasienetwerke en -vennootskappe.....	34

3.3	Institusionele Transformasiekomitee	35
3.4	Internasionale besoeke en afvaardigings na die US	35
3.5	Internasionale universiteitdorpkonferensie	37
3.6	US gaan help om goeie staatsbestuur in Afrika te versterk.....	37
3.7	US/KU Leuven-dinksrum	37
3.8	Stellenbosch gemeenskapsvennootskap	38
3.9	Sosiale Impak-kennisplatform.....	38
3.10	Telematiese Skoleprojek	39
3.11	Studentewerwing.....	39
3.12	Inskrywings en WOW	40
3.13	Universiteit Stellenbosch Museum	40
3.14	Kampusgesondheidsdiens (KGD)	41
3.15	Maties Tennis.....	41
3.16	Maties Swem.....	42
Tema 4: Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer.....		42
4.1	Akademieskap van Onderrig en Leer	42
4.2	Innovasie en navorsing in leer en onderrig.....	43
4.3	Afrika Doktorale Akademie-somerskool	43
4.4	Aanlyn kursus vir doktorale studieleiers by Afrika-universiteite	43
4.5	Personeelkapasiteitsontwikkeling in die sektor.....	44
4.6	Sentrum vir Sportleierskap	44
Tema 5: Navorsing vir impak		45
5.1	Navorsingsuitsette	45
5.2	US navorsing toegankliker gemaak	45
5.3	Verslag oor biologiese indringers in Suid-Afrika	45
5.4	Sagteware vir intydse vertaling van bladmusiek na Braille	46
5.5	Skool vir Datawetenskap en Berekeningsdenke	46
Tema 6: Voorkeurwerkgewer		46
6.1	Nuwe denke oor menslike hulpbronne	46
6.2	Aanstellingskomitee van die Senaat	46
6.3	Personeeldiversifikasie	47
6.4	nGAP aan die US.....	47
6.5	Diensbillikheid en transformasie	48
6.6	Transformasievaardigheidsopleiding.....	48
6.7	Die verbetering van personeelwelstand	48
Slot 48		
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE		49
Meningsartikels (26 Okt 2018 tot 7 Feb 2019).....		49
Rubrieke (26 Okt 2018 tot 7 Feb 2019).....		54

Inleiding

Welkom by die eerste Senaatsvergadering van 2019, die **eerste jaar** van die **tweede eeu** van die Universiteit Stellenbosch (US). As 'n instelling betree ons selfversekerd die toekoms met ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#), wat verlede jaar aanvaar is, as ons roetekaart.

Voor ons lê 'n jaar gevul met groot **moontlikhede** en jongmense met baie potensiaal wat verwesenlik moet word en wat ons uitdaag in die nimmereindigende strewe na kennis. Dit is ook reeds duidelik dat dit 'n jaar van **uitdagings** vir hoër onderwys in Suid-Afrika gaan wees. Die jaar het begin met protesaksies en die sluiting van kampusse en die tragedie van 'n jong lewe wat daarmee heen is (Mlungisi Madonsela, op die Steve Biko-kampus van die Durban Universiteit van Tegnologie).

As US-bestuur is ons deeglik bewus van belangrike **kwessies**, soos finansiële uitsluiting van arm studente, druk op studenteverblyf en -vervoer, veiligheid en sekuriteit op kampusse, en die strewe na billike en welwillende werkstoestande vir ons werknemers. Ons probeer ons bes by die US om op hierdie kwessies te reageer en oplossings te vind wat sowel uitvoerbaar as volhoubaar is. Terselfdertyd beywer ons ons onwrikbaar vir die veiligheid van sowel studente as personeel, die beveiliging van universiteitsfasiliteite en die integriteit van die akademiese program.

Ons poog daadwerklik om oplossings te vind waarby almal sal baat en wat dit vir ons moontlik sal maak om ons hoofdoel te vervul, naamlik om graduandi en navorsingsuitsette van hoë gehalte tot voordeel van gemeenskappe, ons nasie en uiteindelik die wêreld voort te bring. In al ons handeling met ons onderskeie belanghebbendes sal ons daarna streef om as 'n verantwoordelike korporatiewe burger op te tree in ooreenstemming met ons gekose **waardes** van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid.

By hierdie Senaatsvergadering is dit **prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies**, se beurt om verslag te doen oor aktiwiteite die afgelope jaar in sy verantwoordelikhedsentrum (VS). Die algehele bestuursverslag bevat dus slegs gekose hoogtepunte uit sy portefeulje – sien asseblief sy afsonderlike verslag vir meer besonderhede.

Let asseblief daarop dat hierdie verslag vir die eerste keer volgens ons nuwe visie en strategiese raamwerk gestruktureer is ([klik hier vir 'n toegewyde bladsy](#) op die US-webtuiste) – spesifiek ons **ses kern strategiese temas**. Hulle word in 'n spesifieke volgorde gebruik, op grond van die volgende logika: Die bereiking van **“n Florerende Universiteit Stellenbosch”** is ons uiteindelijke doel, dus is dit Tema 1. Ons belanghebbendes is belangrike vennote in hierdie verband. Studente is ons grootste interne belanghebbendegroep, dus is Tema 2 **“n Transformerende studente-ervaring”**. Deur **“Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke”** Tema 3 te maak, betrek ons ons eksterne belanghebbendes. Die volgende twee temas dek ons hoofaktiwiteite: **“Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer”** (Tema 4) en **“Navorsing vir impak”** (Tema 5). Laastens, maar nie in die minste nie, is daar verskeie instaatstellers vir die verwesenliking van ons nuwe visie en strategiese raamwerk, maar die heel belangrikste is ons personeel. Die volgorde van ons kern strategiese temas bereik dus 'n hoogtepunt met Tema 6, om 'n **“Voorkeurwerkgewer”** te word.

Hierdie temas rig ons aktiwiteite vir die verwesenliking van ons **Visie 2040** om “Afrika se voorste navorsingintensiewe universiteit [te] wees, wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”.

Hierdie verslag dek die tydperk **24 Oktober 2018 tot 21 Februarie 2019**, tensy anders gemeld. Ons verwelkom hierdie geleentheid om met ons kollegas in die Senaat in gesprek te tree. Kom ons neem hierdie gerekende instelling saam na nog groter hoogtes in ons volgende eeu!

Tema 1: 'n Florerende Universiteit Stellenbosch

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op die skakel vir die volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US 'n **florerende organisasie** te maak, beoog

verfyning en sal die grondslag vir ons jaarlikse beplanningsiklusse asook alle toekomstige omgewingsbedryfsplanne vorm. Dit sal beskikbaar gestel word sodra dit gefinaliseer is.

1.3 Institusionele Plan (IP)

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) vereis sedert 2014 dat universiteite jaarliks 'n institusionele plan teen 15 Desember moet indien. Die US se **Institusionele Plan 2019–2024** is deur die Raad by sy vergadering op 26 November 2018 goedgekeur en teen die sperdatum by die DHOO ingedien. Die plan is in ooreenstemming met *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024* ontwikkel, met 'n nota dat nuwe prestasie-aanduiders tans ontwikkel word en in die volgende plan vervat sal word.

Die US *IP 2019–2024* is by die kantoor van die Viserektor: Strategie en Internasionalisering asook by die afdeling Strategiese Inisiatiewe beskikbaar.

1.4 Ontwikkeling en Alumnibetrekkings (OAB)

Die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkings (OAB) se hooffokus is die toekomstige volhoubaarheid van die Universiteit. Hiervoor onderneem die Afdeling fondswerwing om die instelling se voorrangprojekte te ondersteun, en reik voortdurend uit na alumni om hulle toenemend by hul alma mater te betrek. Verdere fokusgebiede is vennootskapsontwikkeling en vriendwerwing vir die Universiteit in die plaaslike en internasionale korporatiewe sektor, onder binne- en buitelandse stigtings en trusts, oor die volle spektrum van US-alumni, en onder strategies geïmplementeerde individue.

1.4.1 Fondswerwing

Skenkings oor alle fondswerwingsmarksegmente het in 2018 **met 11,6% toegeneem**, en is hoofsaaklik aangewend vir beurse vir ekonomies benadeelde en werkersklasstudente.

	2014	2015	2016	2017	2018
Filantropiese finansiering aangewend vir studiebeurse	R61,5 miljoen	R58,8 m	R78,3 m	R77,5 m	R93,1 m

Tabel 1: Skenkings, 2014 tot 2018.

Skenkings aan die **Jaarfonds** (skenkings van R50 000 of minder per jaar deur individue), wat allerweë as 'n kernaanswyser van alumni se vertroue in die instelling beskou word, het met 'n merkwaardige **450% gestyg**.

Die inisiatiewe wat vir hierdie styging gesorg het, het **portuurfondswerwing** ingesluit, onder meer dié met betrekking tot die Kaapstadfietstoer, die veldtog #Move4Food en die Kaapstadmarathon. Ons Eeufeesjaar was die ideale geleentheid om 'n fondswerwingspan vir die **Kaapstadfietstoer** op 11 Maart in te skryf. Sowat 65 alumni, personeellede, studente en vriende van die Universiteit het saam met my die toer aangedurf om studiebeursgeld in te samel. Later die jaar het ons die **#Move4Food-veldtog** gehad, waarvoor personeel en studente ywerig aan aktiwiteite op ons kampusse deelgeneem het. En op 23 September het 'n groot US-geaffilieerde groep hulle weer by my aangesluit, dié keer vir die **Kaapstadmarathon**. Ons het 45 fondswerwers onder ons span drawwers gehad, wat gesamentlik meer as R400 000 op die GivenGain-platform ingesamel het.

Hierdie soort openbare geleenthede blyk uiters nuttige werktuie te wees om individue aan te moedig om die US se saak te ondersteun terwyl hulle meeding en deelneem. Terselfdertyd moedig dit ons alumni, personeel, studente en vriende aan om meer onafhanklik en selfstandig te word in die skep van fondswerwingsgeleenthede vir die Universiteit, hoewel steeds in pas met die US se fondswerwingsboodskappe.

1.4.2 Skenkers- en alumni-erkenning

Dis algemene praktyk onder instellings om in hul eeufesjaar 'n kapitaalveldtog van stapel te stuur. Daarom was sommige verras toe die Universiteit in 2018 daarteen besluit. Tog het die US maar onlangs eers die HOOP Projek (2010–2014), 'n reusekapitaalveldtog, voltooi, en is ons nuwe visie en strategiese raamwerk eers in die tweede helfte van 2018 bekend gestel.

Daarom het ons in 2018 ons werksaamhede eerder op skenkers- en alumni-erkenning toegespits. Benewens die gewone bedankingsbriewe en voorgedyskapsaktiwiteite, het skenkerserkenning 'n viering geword van die Universiteit se verhouding met ons skenkers, en van filantropie in die algemeen. Suksesvolle skenkerserkenningseleenthede is in etlike stede in Suid-Afrika en die buiteland gehou.

Ons het boonop die veldtog [Matiestemme](#) begin, wat met die prestasies van US-alumni spog. Dit is op 'n geïntegreerde manier op sosiale media en ons [Eeufeswebtuiste](#) in werking gestel. Dit was uiteindelik die gewildste afdeling op die blad en het sowat 40 000 trefslae ontvang. Sewentien van die berigte is in *Matieland* gepubliseer, wat aan meer as 100 000 alumni gestuur is.

Nóg 'n merkwaardige ontwikkeling is dat ons **algehele getal skenkers** in 2018 **met 15% toegeneem** het, en nou die Rosa Luxemburgstigting Suid-Afrika, die Citadel-filantropiestigting, die Brenleytrust en die Elegantgroep insluit.

1.4.3 Nalatenskapskenkings

Volgens die jaarlikse opname van filantropie in die hoër onderwys (ASIPHE) van 2017, was die US die **toppresteerder** in die finansieringstrome vir individuele skenkings en erflatings, en dié tendens duur voort. Ons is besonder bevoorreg om die afgelope vier jaar verskeie aansienlike skenkings van privaat weldoeners te kon ontvang.

Hier val die klem op persoonlike kontak met ons getrouste skenkers sowel as individue met 'n hoë netto waarde wat die US goedgesind is, tesame met uitnodigings na Universiteitsgeleenthede of -strukture. Ons laat hulle ook gereeld weet watter impak hulle skenkings het.

Benewens die erflatings wat ons in 2018 ontvang het, is sewe nuwe testamentêre skenkings met 'n geraamde waarde van meer as R55 miljoen onlangs geregistreer.

1.4.4 Korporatiewe skenkings

Die US het die afgelope twee jaar 'n **afname** in korporatiewe maatskaplike beleggingskenkings ondervind. Die aankondiging van **fooi-vrye hoër onderwys** in Suid-Afrika teen die einde van 2017 het plaaslike maatskappye beslis hulle steun vir die sektor laat heroorweeg.

Die klem val nou eerder op hoëimpakintervensies onder werklose jeug. Dit wil voorkom of Suid-Afrikaanse maatskappye al hoe meer hulle steun vir tersiêre onderwys na hulle eie menslikehulpbronbehoefes begin skik (deur werwingsbeurse en ontwikkelingsgerigte indiensnemingsprogramme vir graduandi), van staatsaansporings en -transformasieprogramme gebruik maak, en besteding van studiegeld na aanvullende steun verskuif.

Nadat die wysigings aan die goeiepraktykkodes vir **swart ekonomiese bemagtiging** in Maart 2018 amptelik uitgevaardig is, het korporatiewe beurse 'n aantrekliker belegging as ooit vantevore geword. Hierdie meganisme het **R4,2 miljoen** in beurse opgelewer.

Korporatiewe skenkings word oorwegend vir beurse, navorsings- en menslikekapitaalontwikkeling in fakulteite, kultuur- en sportprogramme sowel as vir innovasie- en gemeenskapsprojekte gebruik.

1.4.5 Internasionalisering

'n Verdere belangrike doel van OAB se fondswerwingsbedrywighede was om internasionale skenking aan die Universiteit te verhoog. Baie moeite is met internasionale fondswerwing gedoen, nie net om

die US se internasionale teenwoordigheid onder internasionale skenkers in pas met ons klem op internasionalisering te versterk nie, maar ook om hierdie skenkersegment uit te brei. OAB-personeel het in 2018 **tien** internasionale **besoeke** onderneem, dikwels saam met my of ander bestuurslede, waartydens daar met **84** huidige of nuwe **skenkers** in **21 stede** ontmoet is. Agt sulke besoeke is in 2017 onderneem en vergaderings is met 86 bestaande of potensiële skenkers in 29 stede gehou.

Die OAB het in 2018 **vier konsultantverteenvoerders in die buiteland** aangestel om maatskaplike skenkers te help identifiseer, alumnistrukture te stig en verhoudings met stigtings en trusts te bou.

Daarbenewens het ons **32 gesegmenteerde alumnigeleenthede in 26 wêreldstede** aangebied, waar ongeveer **1 000 alumni** teenwoordig was. Hoewel ons meestal daarop gekonsentreer het om alumni-nawe in die Verenigde State en Europa op die been te bring, het ek ook met die gevestigde alumnistruktuur in Hong Kong sowel as die ontluikende een in Tokio ontmoet.

1.4.6 Alumnideelname

In Benewens internasionale alumnigeleenthede, het die OAB in 2018 ook **41 nasionale alumnigeleenthede in nege Suid-Afrikaanse sentra** aangebied, wat deur **5 500 alumni** bygewoon is.

Die Kantoor Alumnibetrekkinge het ook besondere klem op skakeling met jonger alumni geplaas. Uit 'n fondswerwingsoogpunt konsentreer ons daarop om hulle van vriende van die Universiteit in skenkers te ontwikkel.

Volgens 'n onlangse uitgawe van ASIPHE is slegs 0,42% van die US se alumni skenkers. Hoewel dít beter is as die gemiddeld van 0,18% onder die tien bestudeerde instellings, is dit steeds te laag. Daarom probeer die OAB alumnideelname aan die Universiteit se bedrywighede verhoog, en is verskeie inisiatiewe in dié verband aan die gang.

[Maties Connect](#) is in Oktober 2018 bekend gestel en bykans 5 000 alumni wêreldwyd het reeds geregistreer. Die Maties Connect-platform bied 'n waardevolle netwerk vir alumni, studente en ondersteuners van die Universiteit om met mekaar in aanraking te kom en te skakel, en hulle gevolglik nader aan die instelling te bring. Ons glo hierdie “gee om te ontvang”-strategie – om alumni eers waarde te bied voordat ons hulle vra om iets terug te gee – sal die Universiteit in staat stel om ons alumnibetrekkinge te verdiep en te verbreed, en mettertyd mentorskapsprogramme van wêreldgehalte met ons alumni en studente op die been te bring.

Buiten die verspreiding van drie *e-Matieland*-, drie VSA Matie- en twee VK Matie-nuusbriefe in 2018, het die OAB ook vier nuusbriefe vir die Fakulteit AgriWetenskappe versprei (8 485 ontvangers per uitgawe), sowel as twee uitgawes elk van die fakulteitsnuusbriefe van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (36 569 ontvangers per uitgawe), Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (19 095), Natuurwetenskappe (16 135) en Ingenieurswese (11 141). Altesaam 32 koshuisnuusbriefe is ook saamgestel, vertaal en versprei.

Laastens het die OAB in 2018 'n program van gestruktureerde steun en vermoëbou in ons studentegemeenskappe in werking gestel met die oog daarop om alumni weer by die werksaamhede van hulle voormalige koshuis of privaatstudenteorganisasie (PSO) te betrek. Studenteleiers belas met alumnikommunikasie en -skakeling het verskeie opleidingsessies bygewoon. Gevolglik het meer as 1 000 alumni verlede jaar geleenthede by Lydia, Nerina, Pieke, Dagbreek, Minerva en Eendrag bygewoon.

1.5 Planon-inwerkingstelling

As deel van 'n inisiatief om optimale bedrywighede, sterker oorsigbestuur en geïntegreerde stelsels te verseker deur tegnologie beter te benut, het ons Afdeling Fasiliteitsbestuur die internasionale sagtewareverskaffer Planon se geïntegreerde werkplekbestuurstelsel (oftewel “IWMS”) in werking gestel.

Dit bied ook 'n geleentheid om ons prosesse met internasionale beste praktyk te vergelyk omdat die stelsel deur 38 universiteite wêreldwyd gebruik word. IWMS bring alle belanghebbendes, prosesse, data en tegnologieë op 'n enkele platform byeen, wat voortdurende verbetering moontlik maak en aanmoedig.

Ná 18 maande van datasuiwering en die versoening van stelsels, prosesse en prosedures is heelparty Planon-modules in September verlede jaar in werking gestel – veral dié wat met instandhouding en kapitaalprojekbestuur verband hou. Die module vir geleentheidsbestuur en -besprekings, wat hoofsaaklik vir sportfasiliteite gebruik word, is in Desember geaktiveer. Die projek het ook die implementering van 'n nuwe weergawe van ESRI ArcGIS, Fasiliteitsbestuur se sagteware vir spesiale data, ingesluit.

Integrasie op etlike vlakke oor verskillende afdelings (veral Fasiliteitsbestuur, Finansies en Informatietegnologie) en veelvuldige gebruikers heen was betreklik uitdagend. Hoewel verdere skaafwerk nog voortduur, het die algehele implementering nietemin goed afgeloop, en is geen ernstige diensonderbrekings ondervind nie. Alle betrokke afdelings het waardevolle lesse uit die projek geleer.

1.6 Vernuwing van studente- en finansiële stelsels

Die US is tans besig om die huidige studente-inligtingstelsel met 'n nuwe stelsel, **SUNStudent**, te vervang om tred te hou met die nuutste neigings in studente-inligtingsbestuur in hoër onderwys en moderne tegnologie. Sodra die kontrakonderhandelinge met die aangestelde verskaffer afgehandel is, sal die implementering aangepak word. Dit behoort twee tot drie jaar te neem, aangesien 'n gesteeierde benadering gevolg sal word, waarin die normale siklus van studente-aktiwiteite en beskikbaarheid van US-personeel in berekening gebring word.

'n Deel van die projek behels ook middleware, infrastruktuur en integrasie om inligtingsuitruiling oor alle US-inligtingstelsels heen moontlik te maak, asook 'n nuwe finansiële stelsel.

Soos die studente-inligtingstelsel, word die Universiteit se finansiële stelsel met 'n verbeterde stelsel, **SUNFin**, vervang. Dit sal ook ongeveer twee jaar neem om te installeer en te toets voordat dit geïmplementeer kan word. SUNStudent en SUNFin moet versoenbaar wees, aangesien daar sekere oorvleuelings is, soos die bestuur van studentegelde, en hierdie stelsels sal ook met ander groot stelsels integreer wat tans in gebruik by die US is, soos Planon by Fasiliteitsbestuur en IDU by Finansies.

1.7 SUN-e-HR opgegradeer

SUN-e-HR (die Oracle-stelsel vir menslikehulpbronbestuur wat die Universiteit gebruik) is suksesvol opgegradeer. Noudat die jongste bywerking vir regulasievoldoening ook geïnstalleer is, beteken dit boonop die stelsel is gereed vir die jaarlikse belastingseisoen.

1.8 Volhoubaarheid van nuwe akademiese programme

Die US se Programadvieskomitee het in 2018 besluit om meer intensief in terme van volhoubaarheid te kyk na nuwe akademiese programme wat vir oorweging ingedien word. Die gevolg was dat Kriteria 10, "Volhoubaarheidsplan", van die "Indiening van 'n Nuwe Program-vorm" uitgebrei is om die inligting oor inkomste- en uitgawe-vooruitskattings van 'n nuwe program meer te verfyn. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IB) het die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering gehelp met die hersiening en veranderinge aan die vorm.

'n Nuwe proses is ook geïmplementeer waarvolgens die betrokke koördineerder van die nuwe program met die IB skakel ten einde meer gepaste inligting en aannames vir Kriteria 10 te verskaf. Dit word dan in 'n konfigurasiemodel – wat spesiaal vir hierdie doel deur die IB ontwikkel is – gevoer om outomaties 'n vooruitskatting, gegrond op 'n stel aanpasbare veranderlikes, van die inkomste en

uitgawes vir die betrokke program te gee. Die inligting en uitslag word dan verpak en as deel van die voorlegging oor die nuwe program aan die Komitee verskaf.

Tot op hede is altesame 15 programme reeds deur die IB geëvalueer en die proses en uitslae is baie gunstig ontvang.

1.9 Toekennings vir voortreflike onderrig en navorsing

Die gekombineerde jaarlikse plegtigheid vir toekennings vir voortreflike onderrig en navorsing is op 4 Desember 2018 by STIAS aangebied. Dit was die tweede keer wat die toekennings saamgevoeg is om klem te plaas op die aanvullende verhouding tussen onderrig en leer, en navorsing.

Prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig, het 11 **Toekennings vir Voortreflike Onderrig** in die twee kategorieë “Uitgelese opvoeder” en “Ontwikkelende opvoeder” oorhandig.

Die volgende dosente is in die kategorie “Ontwikkelende opvoeder” erken (alfabeties gerangskik):

- Dr Elize Archer, Sentrum vir Gesondheidsberoepsonderwys
- Dr Lidia Auret, Departement Prosesingenieurswese
- Dr Eric Decloedt, Afdeling Kliniese Farmakologie, Departement Geneeskunde
- Prof Faadiel Essop, Departement Fisiologiese Wetenskappe
- Me Zahn Münch, Departement Geografie en Omgewingstudie
- Dr Michael Schmeisser, Departement Hortologie
- Me Natasha Sexton, Skool vir Rekeningkunde
- Dr Debra Shepherd, Departement Ekonomie
- Me Anria van Zyl, Skool vir Rekeningkunde
- Dr Bjorn von der Heyden, Departement Aardwetenskappe

Prof Deborah Blaine van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese is in die kategorie “Uitgelese opvoeder” erken. Haar portefeulje het bewys gelewer van diep denke oor haar benadering tot onderrig én haar professionele groei, en het ook getoon dat haar onderrigpraktyk op die akademieskap van onderrig en leer berus.

Daarbenewens het vyf US-**onderriggenote** wat hulle genootskappe tussen 2011 en 2017 voltooi het sertifikate van erkenning ontvang. Hulle was proff Elmarie Costandius, Ian Nell, Dana Niehaus, Nicola Plastow en Geo Quinot. Deur die genootskapskema kan uitnemende opvoeders en onderrig-en-leerkundiges meer gereelde tydperke daaraan afstaan om, met verskillende vorme van steun, op die vernuwung, verkenning en verspreiding van goeie praktyk in departemente en fakulteite te konsentreer.

Prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, het die **Toekennings vir Voortreflike Navorsing** oorhandig. Hier was drie kategorieë ter sprake: US-navorsers wat die grootste bydrae tot geakkrediteerde publikasies gelewer het (a) op grond van geouditeerde publikasie-eenhede vir 2016, en/of (b) op grond van geouditeerde getal publikasies vir 2016, en (c) navorsers wat drie of meer PhD's vir die gradeplegtighede van 2017/18 gelewer het. Geluk aan die volgende 44 ontvangers:

- Dr Alex Andrason, Antieke Studie (14 publikasies)
- Prof Nulda Beyers, Pediatrie en Kindergesondheid (4 PhD's gelewer)
- Prof Cang Hui, Wiskundige Wetenskappe (19 publikasies)
- Prof Johann Cilliers, Praktiese Teologie (8,25 publikasie-eenhede)
- Prof Julie Claassens, Ou en Nuwe Testament (8 publikasie-eenhede)
- Prof Mark Cotton, Pediatrie en Kindergesondheid (19 publikasies)
- Prof Nuraan Davids, Opvoedingsbeleidstudie (6,5 publikasie-eenhede)
- Prof Frank Dinter, Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese (14 publikasies)
- Prof Karen Esler, Bewaringsekologie en Entomologie (15 publikasies; 3 PhD's gelewer)

- Prof Johann Görgens, Prosesingenieurswese (6,35 publikasie-eenhede; 3 PhD's gelewer)
- Prof Louis Jonker, Ou en Nuwe Testament (11 publikasie-eenhede)
- Prof Ashraf Kagee, Sielkunde (15 publikasies)
- Prof Martin Kamper, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese (3 PhD's gelewer)
- Prof Gerhard Kemp, Publiekreg (8 publikasie-eenhede)
- Prof Bert Klumperman, Chemie en Polimeerwetenskap (5 PhD's gelewer)
- Prof Christine Lochner, Psigiatrie (16 publikasies)
- Prof O. Makinde, Krygskunde, Wiskunde (25 publikasies; 9,36 publikasie-eenhede)
- Prof John Measey, Sentrum vir Indringerbiologie (14 publikasies)
- Prof Stephanus Muller, Musiek (3 PhD's gelewer)
- Prof G Oosthuizen, Bedryfsingenieurswese (24 publikasies)
- Prof Linus Opara, Voedselwetenskap (21 publikasies; 5,40 eenhede; 3 PhD's gelewer)
- Prof Helmut Prodinge, Wiskundige Wetenskappe (16 publikasies; 10,33 publikasie-eenhede)
- Prof Jeremy Punt, Nuwe Testament (10 publikasie-eenhede; 4 PhD's gelewer)
- Prof Dave Richardson, Sentrum vir Indringerbiologie (26 publikasies; 5,25 eenhede)
- Prof Steven Robins, Sosiologie en Sosiale Antropologie (10,15 publikasie-eenhede)
- Prof Francois Roets, Bewaringsekologie en Entomologie (14 publikasies)
- Prof Samantha Sampson, Molekulêre Biologie en Mensgenetika (3 PhD's gelewer)
- Prof Michael Samways, Bewaringsekologie en Entomologie (17 publikasies; 8,58 eenhede)
- Prof Corne Schutte, Bedryfsingenieurswese (5 PhD's gelewer)
- Prof Soraya Seedat, Psigiatrie (20 publikasies; 3 PhD's gelewer)
- Prof Leslie Swartz, Sielkunde (20 publikasies; 7,15 publikasie-eenhede)
- Prof John Terblanche, Bewaringsekologie en Entomologie (15 publikasies)
- Prof Mark Tomlinson, Sielkunde (24 publikasies)
- Prof Marius Ungerer, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe/Bestuurskool (7,16 eenhede)
- Prof Paul van Helden, Biomediese Wetenskappe (22 publikasies)
- Prof Jan van Vuuren, Bedryfsingenieurswese (4 PhD's gelewer)
- Prof Gideon van Zijl, Siviele Ingenieurswese (14 publikasies; 3 PhD's gelewer)
- Prof Marianna Visser, Afrikatale (3 PhD's gelewer)
- Prof Wessel Visser, Geskiedenis (9 publikasie-eenhede)
- Prof Gustav Visser, Geografie en Omgewingstudie (5,03 publikasie-eenhede)
- Prof Yusuf Waghid, Opvoedingsbeleidstudie (7,33 publikasie-eenhede)
- Prof Stephan Wagner, Wiskunde (3 PhD's gelewer)
- Prof Gerhard Walzl, Molekulêre Biologie en Mensgenetika (17 publikasies)
- Prof Minka Woerman, Filosofie (6 publikasie-eenhede)

1.10 Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK)

Die doel van die PRONTAK- (Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici-)program is om nuwe personeellede aan die onderrig-en-leerkultuur en -praktyke by die US bekend te stel. Dit plaas veral klem op nadenke, konteksbeuustheid en akademieskap in onderrig en leer.

Nadat die Raad in September 2018 'n hersiene Onderrig- en Leerbeleid goedgekeur het, is die PRONTAK-program herontwerp om die professionalisering van akademici in hulle onderrigrol aan te moedig, en die akademieskap van hulle onderrigpraktyk deur 'n kombinasie van aanbiedingsmodusse te verbeter. Dit strook met die verskuiwing in onderwysparadigmas wat weerspieël word in die US se nuwe *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*, wat ook verlede jaar aanvaar is.

Vanjaar sal PRONTAK in sewe fases oor sewe maande, van April tot Oktober, plaasvind. 'n Voorstel in dié verband is teen die einde van 2018 deur die Komitee vir Leer en Onderrig aanvaar, en fakulteite is aan die begin van 2019 dienooreenkomstig ingelig. Benoemings is reeds aangevra.

Die program, wat sal uitloop op deelname aan die US se jaarkonferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer, is kredietdraend en het 'n impak op deelnemers se werksooreenkomste

1.11 Desember 2018-gradeplegtighede

Die US het verlede jaar weer 'n **rekordgetal** kwalifikasies by ons Desember-gradeplegtighede toegeken – 5 774 in vergelyking met 5 725 in Desember 2017 en 5 418 in 2016. Daar was ook 'n toename tot 150 doktorsgrade (141 in 2017 en 138 in 2016) en 562 magistergrade (dieselfde as in 2017, maar in 2016 was die totaal 601). Dit is bygewerkte dié. Agt seremonies is van 10 tot 14 Desember in die Coetzenburgsentrum gehou.

Die volgende individue het eredoktorsgrade ontvang:

- Prof Homi Bhabha, 'n toonaangewende postkoloniale literêre teoretikus van Harvard Universiteit
- Prof Dame Glynis Breakwell, voormalige visekansellier van die Universiteit van Bath
- Mnr Lesetja Kganyago, president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en voorsitter van die Internasionale Monetêre en Finansiële Komitee
- Regter Zak Yacoob, 'n voormalige regter van die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika.

(Sien ook 1.14.2 hieronder.)

1.12 Die strewe na gehalte aan die US

'n Belangrike deel van die strewe na 'n florerende Universiteit Stellenbosch is om 'n **gehaltekuil** te skep. In so 'n kultuur onderneem sowel akademiese departemente as professionele administratiewe steundiens- (PASD-)omgewings selfevaluerings, en nooi daarna eksterne bedryfskenners en portuurbeoordelaars om hulle ook van buite te beoordeel.

Die US het in 2018 met sy vyfde gehalteversekeringsiklus begin. Hierdie keer sal 95 departemente, skole, fakulteite, sentrums en PASD-omgewings geëvalueer word, en vir elk sal die proses ongeveer twee jaar duur om te voltooi. Soos voorheen, sal professionele/eksterne evaluering en akkreditasieverslae weer deel uitmaak van die proses. Die verbeterings wat hieruit spruit, word by die Gehaltekomitee voorgelê en bespreek, en terugvoer oor opvolgaksies moet binne twee jaar voorsien word.

Die Rektooraat het in die tweede semester van 2018 'n taakgroep aangestel om 'n **gehaltebeleid vir die US** te skryf, wat sedertdien voltooi is. Fakulteite, PASD-omgewings, studente en die Rektooraat sal nou oor die konsepbeleid geraadpleeg word, waarna dit later vanjaar vir kommentaar en goedkeuring voor die Institusionele Forum, Senaat en Raad sal dien.

1.13 Wêreldranglyste

Op die Times Higher Education- (THE-)wêrelduniversiteitsranglys wat in 2018 vrygestel is, het die US tot die kategorie 301–350 gestyg (nadat dit in 2017 in die gleuf 351–400 was, en 401–500 in 2016). Dít weerspieël die Universiteit se status as 'n toonaangewende navorsingsintensiewe hoëronderwysinstelling nasionaal sowel as internasionaal.

Hoewel die US nie aktief aan die QS-wêrelduniversiteitsranglys of die QS-BRICS-universiteitsranglys deelneem nie, was ons in 2018 in die 405^{de} plek op eersgenoemde (2017: 361^{ste}; 2016: 395^{ste}; 2015: 302^{de}) en in die 51^{ste} plek op laasgenoemde (2017: 47^{ste}; 2016: 35^{ste}).

Die US volg steeds 'n genuanseerde benadering tot universiteitsranglyste, want akademiese uitnemendheid en gehalte bly ononderhandelbaar.

1.14 Korporatiewe kommunikasie

Strategiese kommunikasie by die Universiteit word gerig deur die **US Geïntegreerde Kommunikasie-strategie (GKS)**, wat strek van 2019 tot 2024 en dus saamval met *Visie 2040* en

Strategiese Raamwerk 2019–2024. Dit verseker ’n direkte verband tussen die US se kern strategiese temas en institusionele doelstellings aan die een kant, en die instelling se kommunikasieprogramme aan die ander.

As deel van sy interne kommunikasiefunksie het die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie gedurende die tweede semester van 2018 ’n kernrol vervul om personeellede op hoogte te hou van die proses en inwerkingstelling van *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Daardie rol duur voort namate die proses vorder. In 2019 sal die Afdeling sy kommunikasieveldtog versterk en uitbrei om ook die studentegemeenskap in te sluit.

Wat die ses kern strategiese temas betref, voeg die Afdeling meestal waarde toe op die gebied van tema 1 (’n florerende Universiteit Stellenbosch). Uit ’n interne kommunikasieoogpunt is tema 2 (’n transformerende studente-ervaring) en tema 6 (voorkeurwerkgewer) ook belangrik omdat dit met die Afdeling se vernaamste interne belanghebbendes – synde die studentegemeenskap en personeel – verband hou. Omdat die funksionering en posisionering van die US egter bepaal word deur die nuwe strategiese raamwerk in die geheel, die verbandhoudende Institusionele Plan en die strategiese bestuursaanwysers (wanneer dit beskikbaar raak), is dít dan ook waarop Korporatiewe Kommunikasie se kommunikasiestrategie sal berus, en word ál die kern strategiese temas dus ingesluit.

Derhalwe sal die Afdeling ook ’n mededingende voorsprong vir die US skep deur die handelsmerk van die Universiteit gunstig te posisioneer, en deur strategiese kommunikasieprogramme in werking te stel wat die US “Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit” sal help word wat “wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”.

1.14.1 Strategiese handelsmerkbelyning

Om die US se visuele identiteit en strategiese boodskappe met *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* te versoen, maak deel uit van ’n groter handelsmerkbelyningsproses wat in 2018 begin het en die hele 2019 deur sal voortduur.

In haar laaste kommunikasie met personeel oor *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* verlede jaar het prof Hester Klopper in ’n elektroniese nuusbrief op 22 November onderstreep hoe belangrik hierdie strategiese institusionele dokument sowel as Korporatiewe Kommunikasie se handelsmerkwaardasie is om die US-handelsmerk reg te posisioneer. Korporatiewe Kommunikasie se rol is om die kampusgemeenskap die nodige visuele elemente en handelsmerkboodskappe te bied om handelsmerkbelyning oor alle fakulteite en PASD-omgewings heen te verseker. In pas met ’n Rektoraatsbesluit sal die visuele identiteit van die Eeufees vanjaar die formele institusionele handelsmerk bly totdat die handelsmerkwaardasie en -vernuwing voltooi is, en behoort geen nuwe visuele identiteite en logo’s dus ontwikkel te word nie.

Nóg ’n belangrike element van handelsmerkbelyning is die redaksionele inhoud en verbandhoudende visuele materiaal wat saamgestel word om konsekwente handelsmerkkommunikasie deur die hele instelling te verseker. As ’n diens aan die kampusgemeenskap, word ’n digitale inhoudsnaafplatform tans geskep om strategiese kommunikasie met betrekking tot die US te ondersteun.

1.14.2 Geïntegreerde kommunikasieveldtogte

Geïntegreerde kommunikasieveldtogte die afgelope paar maande het met die gradeplegtighede van 2018, die verwelkoming van 2019 sowel as registrasie en studiegeld verband gehou.

Die doel van die veldtog oor die **gradeplegtighede van 2018** was om graduandi en gaste gebruikervriendelike toegang tot volledige, akkurate inligting oor alle gradeplegtighedsverwante prosesse te gee. Die uitsette van die veldtog was ’n nuwe, verbeterde gradeplegtighedswebtuiste; ’n

nuusbrieff oor die gradeplegtighede; verskeie berigte op die US se korporatiewe webtuiste; en 'n instruksievideo om graduandi oor die voorgeskrewe prosesse in te lig.

Die oogmerk van die veldtog oor die **verwelkoming van 2019** was op sy beurt om alle nuwelingstudente en hulle ouers maklike toegang tot inligting oor die verwelkomingstydperk, studentesteundienste en ander kampusverwante kwessies te bied. Die veldtog het gelei tot 'n bygewerkte verwelkomingswebtuiste, 'n verwelkomingsnuusbrieff, en 'n verwelkomingsbrosjurre.

Albei bostaande veldtogte het kommunikasie vóór die tyd en publisiteit ná die tyd in sowel tradisionele as sosiale media behels. [Klik hier vir 'n video](#)-oorsig van die verwelkomingstydperk op die US se YouTube-kanaal.

Laastens, hoewel die US reeds sedert die einde van 2016 'n doeltreffende **studiegeld- en registrasieveldtog** voer – synde 'n gesamentlike projek tussen Korporatiewe Kommunikasie, Finansies en die Registrateursafdeling – is 'n bygewerkte registrasie- en studiegeldwebtuiste met die oog op die akademiese jaar 2019 bekend gestel. Die doel was om nuweling- en bestaande studente maklike toegang tot inligting oor die registrasieproses, studiegeld en finansiering te bied en sodoende frustrasie gedurende registrasie te beperk. Skakels na die nuwe webtuiste is wyd op die US se sosialemediaplatforms versprei.

1.14.3 Interne kommunikasie (digitale nuusbriewe en massa-e-posse)

Sedert die vorige verslagdatum is tien uitgawes elk van *info@StellenboschUni* en *nuus@StellenboschUni* volgens taalvoorkeur onder personeellede versprei. Die afgelope paar maande is 'n aansienlike styging in die lees- en kliksyfer vir *info@StellenboschUni* opgemerk, terwyl dié vir *nuus@StellenboschUni* oënskynlik gestabiliseer het. Albei vergelyk gunstig met bedryfstandaarde.

	info@ (Engels)	info@ (Afrikaans)	news@	nuus@	Bedryfstandaard
Leessyfer	36,7% (32,7%)*	37% (32,7%)	31,4% (31,8%)	33,1% (33,7%)	24,6%
Kliksyfer	11% (5%)	13,7% (7,3%)	5,4% (7,3%)	8,3% (4,9%)	2,2%

* Gemiddeldes vir vorige verslagtydperk verskyn tussen hakies.

Tabel 2: Lees- en kliksyfers vir digitale nuusbriewe.

Wat massa-e-posse betref, is 'n spesiale elektroniese nuusbrieff, "Vordering met strategiese raamwerk en handelsmerkwaardasie, en voortsetting van Eeufeeshandelsmerk tot in 2019", op 22 November aan personeellede gestuur. Dit het leessyfers van 38,5% (Afr) en 37% (Eng), en kliksyfers van 2,2% (Afr) en 3% (Eng) behaal. Klik [hier](#) vir die Afrikaans.

1.14.4 Sosiale media

Sosialemediaskakeling op Facebook, Twitter en Instagram het weer die gewone tendens getoon en van Oktober 2018 tot en met registrasie vanjaar afgeneem. Dít is weens die aanvang van die eindeksamens en afname in kampusbedrywighede in dié tyd. 'n Gekonsentreerde dog kortstondige toename in aktiwiteit is ook weer gedurende die Desember-gradeplegtighede opgemerk. Om gebruikers aan te moedig om hulle eie inhoud te skep en van ons kanale gebruik te maak, het Korporatiewe Kommunikasie die hutsmerk #SUgrad op alle sosialemediaplatforms gebruik. Sekere veldtogte is uitsluitlik op sosiale media gevoer; ander het verskillende mediavorme geïntegreer en sosiale media gebruik om verkeer na die US-webtuiste te lok.

Een hutsmerkveldtog wat in Oktober van stapel gestuur is, was #takingoffthemasks (op Facebook en Twitter), wat oor geestesgesondheid onder studente gehandel het. Die veldtog is deur Studentesake

aangevoer en Korporatiewe Kommunikasie het 'n ondersteuningsrol vervul. Hoewel die reikwydte van die veldtog oor die algemeen beperk was, was die les om voortaan die hele jaar deur op geestesgesondheid te konsentreer (soortgelyk aan veiligheid) eerder as slegs in Oktober (Nasionale Geestesgesondheidsmaand).

Korporatiewe Kommunikasie het ook in Oktober en 'n deel van November inhoud uit die nuwe uitgawe van [Matieland](#) op Facebook, Twitter, Instagram en LinkedIn geplaas. Die plasings op LinkedIn het veral goed gevaar, wat bewys dat dit by ons alumni en nie-studentegemeenskap byval vind.

Inhoud onder die hutsmerk #helloMaties is van Januarie tot in die eerste week van Februarie gepubliseer, en het advies, wenke en prosedures vir nuwelinge ingesluit.

'n Verdere noemenswaardige plasing was die driedelige dokumentêr oor ons wêreldbekende US Koor deur die internasionale uitsaaier CNN, wat op Facebook en Twitter bemark is. Die dokumentêr is in episodes van 10 minute gelaai, en hoewel dit betreklik lank is vir sosiale media, het dit hoë kyk- en behoudsyfers behaal. Sowat 2% van kykers het die dokumentêr enduit gekyk.

FACEBOOK			
Datum	Plasing	Reikwydte	Behoud
07/11/18	CNN-dokumentêr oor US Koor, deel 1	68 434	13 391
09/11/18	CNN-dokumentêr oor US Koor, deel 2	24 447	2 913
13/11/18	CNN-dokumentêr oor US Koor, deel 3	16 362	2 189
TWITTER			
Datum	Plasing	Reikwydte	Behoud
07/11/18	CNN-dokumentêr oor US Koor, deel 1	9 908	416
09/11/18	CNN-dokumentêr oor US Koor, deel 2	42 829	1 841
13/11/18	CNN-dokumentêr oor US Koor, deel 3	22 983	533

Tabel 3: Facebook en Twitter-syfers oor die CNN-program oor die US Koor.

Verreweg ons gewildste plasing vir 2018 was egter die verhaal van dr Xolani Hadebe (sien regs), wat as 'n sakpakker in 'n kruidenierswinkel gewerk het om genoeg geld bymekaar te maak om vir universiteitstudie in te skryf, en in Desember een van ons mediese graduandi was.

Dr Hadebe se verhaal is presies waaroor ons US-waardes en die kern strategiese tema van 'n transformerende studente-ervaring gaan.

Stellenbosch University is with Xolani L. Hadebe.
Published by Rene Van Der Berg [?] · December 11, 2018 ·

From hiding out of shame from his fellow classmates to that proud moment walking across the stage, SU medical graduate Xolani Hadebe is the epitome of dedication. After matriculating from Ndlela High school in Piet Retief, Xolani had his heart set on becoming a doctor. Despite being a top performer in his school, Xolani's applications to various medical schools in the country were unsuccessful. Knowing that his mom, employed as a domestic worker, would never be able to pay fo... See More

Get More Likes, Comments and Shares
Boost this post for R410 to reach up to 29,000 people.

113,545 People Reached 27,441 Engagements Boost Post

314 Comments 499 Shares

Figuur 3: Beste plasing in 2018.

1.14.5 Eksterne kommunikasie (US in die nuus)

Volgens die datastel van die mediamonitoringsagentskap PEAR het die US die afgelope maande steeds sy plek onder die voorste drie Suid-Afrikaanse universiteite volgestaan wat mediadekking betref. Die volgende artikels en mediaverklarings van 'n institusionele aard het veral goeie dekking ontvang:

- [Bouwerk begin vir top Afrika Biomediese Navorsingsinstituut](#)
- [Mediese studente gaan 902 km fietsry om 'vriende te help dokters word'](#)
- [Mohammad Karaan nuwe President van die Maties Rugbyklub](#)

Ongelukkig het die jaar geëindig met die US wat verdaggemaak is in die media nadat die Israel-Palestina-narratief oorgespoel het na die internasionale [konferensie](#) "Recognition, reparation, reconciliation: The light and shadow of historical trauma" by die Universiteit, wat uiteindelik presies die teenoorgestelde bereik het van wat die geleentheid wou. Dit het ook 'n reputasierisiko vir die instelling geword. Die Universiteit het met verklarings in [Desember](#) en weer in [Februarie gereageer](#).

Nadat Israeliese akademici aan die konferensie onttrek het, het sommige media die US daarvoor "geloof" dat die instelling hom by die kulturele boikot teen Israel skaar, en het ander ons daarvan beskuldig dat ons die Israeliese sprekers se deelname "eensydig gekanselleer" het. Nie een van hierdie stellings was akkuraat nie. Israeliese afgevaardigdes het besluit om hulle deelname te onttrek weens omstandighede buite die Universiteit en die konferensiereëlingskomitee se beheer. Ek het my teleurstelling daarvoor uitgespreek dat daar in so 'n geval nie 'n robuuste debat oor die Israel-Palestina-kwessie by die konferensie sou wees nie. Ondanks pogings om die ware feite in die media weer te gee én direkte korrespondensie met betrokkenes, het die aantygings in die media aangehou en ook tot negatiewe reaksies van US-skenkers gelei.

US-personeellede het in Januarie 2019 met verteenwoordigers van die SA Joodse Raad van Afgevaardigdes ontmoet. Die gesamentlike verklaring wat ná die vergadering uitgereik is, het hewige kritiek van die Israeliese akademici ontlok in 'n artikel wat in die *Jewish Report* verskyn het.

Op 'n meer positiewe noot het die gradeplegtighede van Desember 2018 heelwat positiewe mediadekking ontvang. Artikels het ingesluit [Broer en suster ontvang saam meestersgraad](#), [US-ingenieurspaar voltooi studies saam](#), [Top-Sielkundestudent verower gesogte Kanseliersmedalje](#), [Van 'n sakpakker tot 'n dokter](#) en [Matie ontwikkel probiotikum vir braaikuikens](#).

Navorsingsartikels wat goed gevaar het in die media het die volgende ingesluit:

- [Engelssprekende, nie-Engelssprekende graad R's het dieselfde korttermyngeheuevaardighede](#)
- [3D-druktegniek help chirurge beplan, oefen vir operasies](#)
- [Vrees het Dag Zero help voorkom](#)
- [Nuwe krapspesie in Oos-Kaapse 'vergete' woude ontdek](#)
- [Naaldekoker-studie bied hulpmiddel om stand van varswaterbronne in Afrika te ontleed](#)
- [Studie werp lig op SA verbruikers se houding jeens vonkelwyn](#)
- [US vestig eerste sentrum vir voedselveiligheid in SA](#)
- [Meer swart Suid-Afrikaners skenk bloed](#)
- [Student se projek kan verkeer weer laat vloei](#)
- [Zambezi-vallei binnekort te warm vir tsetsevlieë](#)

Navorsers en ander denkleiers en studente van die US het gedurende dié tyd meer as 120 meningsartikels en meer as 40 rubrieke (deur ses skrywers) die lig laat sien (sien BYLAAG). Gereelde bydraers het ingesluit proff Amanda Gouws, Michael le Cordeur, Thuli Madonsela, Anton van Niekerk, Jonathan Jansen, Mark Swilling en Suzette Viviers, asook drs Morné Mostert, Chris Jones en Nadia Mans-Kemp.

Die Mediakantoor van Korporatiewe Kommunikasie het die media ook van kennerslyste met betrekking tot Internasionale Vigsdag, die staatsrede, die begrotingstoespraak en die Internasionale Dag vir Vroue en Dogters in die Wetenskap voorsien.

1.15 Kommunikasietoekennings

1.15.1 MACE

Die US is weer in verskeie kategorieë vir uitnemendheid vereer by die jaarlikse prysuitdeling van MACE (Marketing, Advancement and Communication in Education), wat op 29 November 2018 plaasgevind het. Die MACE-uitnemendheidstoekennings erken en vier uitnemendheid en die prestasies van spesialiste en praktisyne in die hoërondwyssektor. Die US het altesaam 33 toekennings ontvang. Die US se Afdeling Korporatiewe Kommunikasie, wat 32 inskrywings ingedien het, het 23 toekennings ontvang, naamlik 14 brons, agt silwer en een goud. Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, US Internasionaal en die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge het op hul beurt drie brons, een silwer en ses goue toekennings ingepalm.

[Research at Stellenbosch University 100](#) het nie net 'n platinumtoekenning ontvang nie (een van slegs drie landwyd), maar ook die voorsitterstoekenning vir uitnemendheid, 'n gesogte eerbewys vir 'n enkele inskrywing wat as toonbeeld van ware uitnemendheid in bemarking, bevordering of kommunikasie dien.

1.15.2 Geïntegreerde jaarverslag

Die US se [Geïntegreerde Jaarverslag 2017](#) het in November 2018 die prys gewen vir die beste in die land in die kategorie Openbare Sektor by die Chartered Secretaries Southern Africa (CSSA) en JSE se toekennings vir geïntegreerde verslaggewing. Die CSSA-kompetisie word al sedert 1956 aangebied, aanvanklik eers vir gewone verslae en, sedert 2013, uitsluitlik vir geïntegreerde verslae. Die US se wenverslag is ons derde geïntegreerde verslag. Ons is genader om in te skryf.

1.16 Eeufeesprojek

Die twee finale eeufeesuitstallings by die US Museum, "100 artefakte for 100 jaar" en "Forward? Forward! Forward ..." het onderskeidelik op 31 Oktober 2018 en 5 Desember 2018 geopen. Met hierdie twee uitstallings het die museum personeel daarin geslaag om sowel na die verlede as na die toekoms te kyk, en sodoende die Universiteit vir die volgende 100 jaar te posisioneer. Samewerking met die US se Instituut vir Toekomsnavorsing wat betref die tweede uitstalling het gelei tot 'n publikasie wat sowel die kuns by die uitstalling as tien essays oor kuns en die toekoms ingesluit het. .



Figuur 4: Die opening van die "Forward? Forward! Forward ..." -uitstalling by die US Museum.

Die Eufeeprojek is in 2018 met gradeplegtigheidsweek voltrek. 'n Geleentheid is vir die eerste keer geskep vir nuwe alumni en hul familie en vriende om items met die institusionele handelsmerk daarop, soos die Universiteit se wyn, die Eufeeprojek en kledingstukke, by 'n 'opwipwinkel' in 'n tent langs die Coetzenburgsentrum te koop. Dit het gepaard gegaan met die gebruikelike onthaal deur Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge. Hierdie inisiatief sal in die Maart 2019-gradeplegtigheidsweek herhaal word.



Figuur 5: 'n Tent met 'n ontvangsarea vir alumni en 'n opwipwinkel by die gradeplegtigheidsweek in Desember 2018

1.17 Omgewingsvolhoubaarheid

'n Brosjyre oor omgewingsvolhoubaarheid is deur Strategiese Inisiatiewe in samewerking met Fasiliteitsbestuur as deel van die verwelkomingspakket vir nuwe studente ontwerp. Die brosjyre is in die institusionele kleurpalet uitgegee ten einde te beklemtoon dat dit van institusionele belang is.



Figure 6-7: Brosjyre oor omgewingsvolhoubaarheid wat aan nuwe studente verskaf is.

1.18 Diensfooi vir aandpendeldiens vanaf Maart 2019

Die US het 'n diensfooi van R9 per rit ingestel vir die aandpendeldiens wat in die aand aan gebruikers op die Stellenbosch-kampus binne 'n radius van 6 km vanaf die Neelsie-studentesentrum beskikbaar is. Die normale dagpendeldiens vir die breër Universiteitsgemeenskap op die kampus is steeds gratis.

Die fooi word ingestel om te verseker dat die Universiteit 'n volhoubare diens in die langtermyn aan ons studentegemeenskap kan bied. Die diens word in samewerking met plaaslike operateurs in hul eie voertuie gelewer en is nie deel van die normale US-pendeldiens nie. Die tarief van R9 is gelykstaande aan die tarief wat gebruikers vir 'n private minibus-taxi vir dieselfde rit sou moes betaal.

Die voordeel van die US se diens is dat studente wat laat op kampus studeer, 'n rit kan bespreek en in die Neelsie kan wag om opgelaaie en huis toe geneem te word. Die aandediens het tans 385 gereelde gebruikers – wat baie minder is as die aantal gebruikers van die dagpendeldiens.

Ten tye van verslagdoening sou die diensfooi vir die aandpendeldiens op 1 Maart 2019 in werking tree, nadat dit uitgestel is om aan behoeftige studente die geleentheid te gee om vir 'n pendeltoelaag aansoek te doen. Studente met NSFAS- en US-beurse en ander studente met finansiële probleme kan aansoek doen vir die toelaag. Dit sluit studente uit huishoudings met 'n gesamentlike inkomste van minder as R600 000 per jaar ('verlore middel') in. Die beginsel is dat behoeftige studente die diens moet kan gebruik sonder dat dit 'n finansiële las op hulle plaas.

Studente is aangemoedig om onmiddellik aansoek te doen om te verseker dat hul aansoeke betyds verwerk en ritte op hul pendeldiensrekeninge gelaai kan word voor die instelling van die diensfooi.

Vir meer inligting oor die pendeldiens, [klik hier](#).

1.19 Inligting en privaatheid

Die Universiteit Stellenbosch is verbind tot die vestiging van 'n kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid deur aan die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 (PAIA) te voldoen, sowel as tot die bekendmaking van inligting in toepaslike omstandighede. Die Rektooraat het op 27 Maart verlede jaar goedkeuring verleen vir 'n hersiene en bygewerkte weergawe van ons institusionele PAIA-handleiding, wat op 1 Mei 2018 in werking getree het.

Die Universiteit het van Januarie tot Desember 2018 vyf versoeke vir toegang tot inligting ingevolge die wet ontvang. Twee daarvan is toegestaan, een is van die hand gewys omdat die betrokke rekords nie bestaan het nie (ingevolge artikel 23 van PAIA), en twee is van die hand gewys weens die plig om die privaatheid te beskerm van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is (ingevolge artikel 34 van PAIA).


Die Universiteit is ook voornemens om sy verpligtinge ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) na te kom. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het in die tweede helfte van 2018 'n privaatheidsregulasie vir die US opgestel. Hulle het wyd binne sowel as buite die Universiteit oorleg gepleeg voordat hulle 'n bygewerkte weergawe van die regulasie voorberei het, onder meer met inligting uit die nasionale Regulasies insake die Beskerming van Persoonlike Inligting (wat op 14 Desember 2018 uitgereik is). Die Afdeling het die hersiene regulasie op 5 Februarie vir goedkeuring aan die Rektooraat voorgelê, en fokus nou daarop om dit te implementeer. Die privaatheidsregulasie verwoord ons institusionele standpunt oor privaatheid teen die agtergrond van *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* en lê die grondslag vir alle ander privaatheidsverwante inisiatiewe.

Inligtingsoorsigbestuur het voorts gedurende 2018 'n ontleding van die US se privaatheidsverwante risiko's en opleidingsvereistes voltooi. Op grond daarvan is 'n opleidingsplan vir die Universiteit opgestel en verskeie opleiding- en bewusmakingsinisiatiewe van stapel gestuur. Die US is van plan om die opleiding vanjaar weer in 'n nuwe gedaante bekend te stel tesame met die implementering van die nuwe privaatheidsregulasie.

1.20 Risikobestuur

Die risikobestuursfunksie aan die US is die afgelope jaar verbeter deur die verslagdoeningstruktuur te vereenvoudig van 'n lywige risikobestuurskomitee tot ses robuuste, kleiner komitees, een in elk van die verantwoordelike sentrums. Dit maak meer toegespitste ontleding en risikobestuur moontlik. Gevolglik kan die risikobestuursvergadering nou die toprisiko's aktief bestuur, en terselfdertyd 'n oog oor laer vlakrisiko's in die US se risikoregister hou. Hierdie verbetering skep ook geleentheid vir uitvoerige gesprekkevoering in verantwoordelike sentrums, sowel as vir ontleding van die dwarsliggende risiko's op Rektooraatsvlak.

Die hittekaart hieronder bied 'n visuele opsomming van die institusionele risiko's wat tans by die US voorrang geniet.



Figuur 8: Hittekaart van die US se institusionele risiko's.

1.21 Biomediese Navorsingsinstituut

Die oprigting van 'n nuwe Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI) op ons Tygerbergkampus vorder fluks. 'n Konstruksiepermit is in Desember uitgereik en die terrein is op 14 Januarie aan die hoofkontraakteur oorhandig, waarna 'n soosipitplegtigheid 11 dae later gehou is. WBHO Construction het reeds met sloopwerk en uitgrawings begin.

Die fasiliteit ter waarde van R1 miljard sal een van die mees innoverende en gevorderde biomediese navorsingsentrums in Afrika wees. Die ultramoderne gebou sal die US sy visie help verwesenlik om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te word. Dit sal ons vermoë om wêreldklasnavorsing oor ernstige gesondheidsuitdagings te onderneem aansienlik versterk, en ook beduidend tot navorsingsvermoë op ons vasteland bydra.

Die hoofdoelwitte van die Instituut sal wees om siektes te ondersoek met die grootste impak op gemeenskappe in Suid-Afrika en die res van Afrika, waaronder TB, MIV, diabetes, hartsiekte en neurologiese steurings, en om navorsingsbevindinge in tasbare verbeteringe in die diagnose, voorkoming en behandeling van hierdie toestande om te skakel.

Biomediese onderrig, opleiding en navorsing by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) het tot dusver plaasgevind in die Fisiologie- en Anatomie- (FISAN-)gebou, wat in die jare sewentig opgerig is. In die vier dekades wat sedertdien verloop het, het die studentetal meer as verdrievoudig, en het die terrein van biogeneeskunde dramaties verander.

Die nuwe BMNI sal broodnodige bykomende ruimte bied en by die mees gevorderde en gesofistikeerde biomediese navorsingsgeriewe ter wêreld kan kers vashou. Benewens 'n aantal navorsingslaboratoriums, sal die nuwe fasiliteit ook 'n bio-informatikanaaf, elektronmikroskopielaaboratoriums, 'n morfologiemuseum, 'n biobank, 'n eenheid vir kliniese navorsing sowel as konferensiegeriewe bevat.

1.22 Coetzenburg-atletiekstadion

Die Coetzenburg-atletiekbaan is in 2017 gesluit vir omvattende instandhoudingswerk. Na 'n dekade se gebruik was sekere dele in so 'n swak toestand dat dit nie meer vir afrigting en kompetisies geskik was nie.

Met die afgelope twee jaar se uitgebreide opknappingswerk agter die rug, is die stadion nou egter stewig geïmplementeër as 'n wêreldklasfasiliteit danksy nuwe eerste klasgeriewe, onder meer 'n A-gradbaan en ultramoderne beligting. Die binneveld wat met behulp van lasertoestelle gelykgemaak is, maak die stadion nou ook geskik vir sokker.

Die opknappings bied atlete 'n volledige baan, vyf verspringputte, twee spiesgooiaanlope, drie paalspringareas en twee hoogspringareas. Die onderlaag van die hele baan is vervang om aan die streng toetse vir IAAF-sertifikasie te voldoen, en is bedek met 'n moderne Regupol-oppervlak, wat algemeen op internasionale Olimpiese bane gebruik word.

Die ou spreiligte is vervang met moderne, kostedoeltreffende LED-ligte – 'n eerste vir 'n atletiekstadion in Suid-Afrika. As die stelsel saans aangeskakel word, bied dit atlete en toeskouers soortgelyke sigbaarheid as op Twickenham-rugbystadion en Arsenal se Emirates-stadion. Die internasionale sportstadionligspesialiste wat vir die projek gekontrakteer is, het sorgvuldig te werk gegaan om die maste net reg te installeer sodat alle areas van die baan en veld voldoende verlig is vir hoëdefinisieuitsendings.



Figuur 9: Die opgeknapte Coetzenburg-atletiekstadion.

Die pas opgeknapte Coetzenburg het reeds in Desember 2018 en Januarie 2019 meer as 200 internasionale atlete van Duitsland, Spanje, Switserland en Nederland verwelkom wat daar kom oefen. Agt atletiekkrasmetings was ook reeds vir Januarie en Februarie bespreek, terwyl Varsity-atletiek en die SASPD se nasionale kampioenskapstoernooi vir persone met gestremdhede in Maart daar plaasvind. Coetzenburg sal van 22 tot 24 Maart as die amptelike atletedorp vir die internasionale Absa Cape Epic-bergfietserien dien.

1.23 Geestesgesondheid en ander intervensies

Dit is 'n belangrike oogmerk van die Universiteit om die gesondheid en welstand van ons personelede en studente te verseker. En in die lig van die Wêreldgesondheidsorganisasie se onlangse bevinding dat Suid-Afrika die sesde hoogste selfdoodsyfer ter wêreld het, is dít 'n aspek wat spesiale aandag by die US verdien.

Talle proaktiewe, voorkomende, reaktiewe en genesende intervensies in geestesgesondheid is deur ons Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling in die tydperk onder oorsig onderneem. Dit het groepswerk, psigo-opvoedkundige werksinkels en vaardighedsopleiding asook die deel van inligting en gesondheidsbevorderingsveldtogte ingesluit.

'n Belangrike inisiatief is ook in November 2018 deur Kampusgesondheidsdienste (KGD) van stapel gestuur, waarin verskeie siftingsvraelyste oor geestesgesondheid – onder meer een oor angs en een oor depressie – in gebruik geneem is. Pasiënte voltooi die vraelyste voor konsultasies sodat KGD se kliniese personeel hul geestestoestand kan assessee. Die vraelyste sal ook op die KGD-webtuiste beskikbaar gestel word.

(Voorkonsultasievraelyste oor alkoholverbruik en tuberkulose is reeds beskikbaar. KGD gaan ook voort om die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se geentabakveldtog te ondersteun deur holistiese bystand, onder meer farmakologiese intervensie, te verskaf aan personeel en studente wat besluit om op te hou rook.)

1.24 Misdaadstatistieke

Die welkome afwaartse tendens in algemene misdaadvlakke van verlede jaar duur voort. Sedert die aanvang van 2018 is algemene misdaadtendense laer as ooit vantevore. In die derde kwartaal van 2018 was die misdaadsyfer 34% laer as in die ooreenstemmende tydperk van 2017, en in die laaste kwartaal 20% laer vergeleke met die vorige jaar.

Faktore wat hiertoe bydra, is die deurlopende herbeoordeling van veiligheidsrisiko's sowel as verdere vermoëuitbreidings, met 'n verdere 25 nagwagte wat tussen koshuise diens doen. Nóg 'n faktor is die sikliese aard van misdaad, wat deur die wisselwerking tussen die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), Korrektiewe Dienste en die Direkoraat van Openbare Vervolging beïnvloed word. Kampussekuriteit is versigtig optimisties oor hierdie positiewe tekens, maar bly waaksaam en voorbereid vir enige moontlike styging in misdaad.

Fietsdiefstal is steeds een van die algemeenste tipes misdaad. 'n Berugte fietsdief is vroeër vanjaar danksy die geïntegreerde toepassing van geslotekringteleviseiekameras en toegespitste patrollies aangekeer. Studente reageer goed op die voortgesette bemerking van U-slotte in teenstelling met ander slotte van 'n swakker gehalte. Die getal studente wat vir gebruik van die US se fietshokke geregistreer het, is ook hoër as verlede jaar dié tyd.

1.25 US Woordfees en US Koor

Deur kuns en kultuur wat die akademiese projek bevorder, streef ons na ons doelwit van 'n florerende US. Die [US Woordfees](#) en [US Koor](#) is kernrolspelers in hierdie verband.

Die jaarlikse US Woordfees sal van 1 tot 10 Maart plaasvind. Vanjaar se tema is "Jonk" – gepas vir 'n instelling wat die eerste jaar van sy tweede eeu betree. Die geleentheid bestaan uit 479 vertonings by 64 lokale op en om Stellenbosch. Voorlopige kaartjieverkoopsyfers dui op 'n verbetering van 20% vergeleke met ooreenstemmende statistieke vir 2018. 'n Nuwe [slimfoontoepassing](#) met 'n kaartjiekooptiensdiens en nuusflitse sal feesgangers op hoogte van sake hou.

Oudisies vir die US Koor van 2019 is in September verlede jaar gehou en 'n groep van 140 studente is voorlopig aanvaar. Repertoire-oudisies het in Januarie plaasgevind, waarna die finale koor van 110 lede gekies is. Die koor stel 'n nuwe CD by die Woordfees bekend.

Tema 2 : 'n Transformerende studente-ervaring

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) lui soos volg oor 'n **transformerende studente-ervaring**: "Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan

universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

2.1 Droomverwelkoming

Die jaarlikse Verwelkomingsgeleentheid vir nuweling-eerstejaarstudente en hul ouers het op 24 Januarie by die Danie Craven Stadion te Coetzenburg plaasgevind. Nadat ek en die SR-voorsitter, me Carli van Wyk, die gehoor toegesprek het, het studente en personeel op die veld bymeekaargekom vir 'n groepsfoto in die vorm van die jaartal '2019', afgeneem deur 'n hommeltuig.



Figuur 10: 'n Hommeltuigfoto van die Klas van 2019.

Hierna is 'n nuwe tradisie ingelyf met 'n 'Droomstaptog' van die stadion af tussen 'n paar koshuise deur en in Victoriastraat af. Studente het die geleentheid gekry om kaartjies op die ikoniese ou eikebome in die straat aan te bring waarop hulle hul drome vir hul nuwe universiteitslewe neergeskryf het. Die uitvoerende burgemeester van Stellenbosch, adv Gesie van Deventer, het saam met Universiteitsbestuur en studente gestap, en die inisiatief was 'n groot sukses.



Figuur 11: Studente neem deel aan die Droomstaptog



Figuur 12: Droomkaartjies in Victoriastr

2.2 Registrasie 2019

Ter voorbereiding vir die jaarlikse registrasietydperk aan die begin van die jaar, is die Universiteit se doeltreffende webblaaie met relevante inligting wat nuwe en huidige studente benodig vir 'n kommersyële registrasieproses bygewerk.


Die US het ook twee rekenaars by die ingang van ons hoof-registrasiegebou (Admin A) aangebring waar individue gehelp is om op die "Central Application Clearing House" van die DHOO te registreer.

Wat **studentegelde** betref, het deurlopende kommunikasie met huidige en nuwe student navrae aansienlik verminder. Studente met uitstaande skuld kon registreer indien hulle bewys kon lewer van 'n beurs of lening wat die historiese skuldbedrag oorskry. Die eerste verpligte paaiement vir 2019 kan maandeliks in drie gelyke paaiemente tot 31 Maart 2019 afbetaal word. NSFAS-beurshouers is toegelaat om te registreer soos met die DHOO ooreengekom.


2.3 Voorgraadse inskrywings

Registrasie het op 14 Januarie 2019 geopen en op 15 Februarie gesluit. Die statistieke van die voorgraadse inskrywings – insluitende vir nuweling-eerstejaars (NE's) – is **HIERONDER OPGESOM**. ([Klik hier](#) vir die volledige verslag, wat ook 'n uiteensetting van fakulteitstatistieke bevat. Dit is op die oorsigblad van die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur, tesame met ander institusionele data.)

Alle voorgraadse (VG) inskrywings




NE-inskrywings



¹ BSIA: bruin, swart Afrikaan, Indiër en Asiër


² Ander: onbekend of student het verkies om nie bevolkingsgroep te verklaar nie



2019: Werklike % BSIA twee persentasiepunte laer as **Junie-teiken**




2019: Werklike % BSIA marginaal minder as in 2018



1,2 persentasiepunttoename in % Afrikaans van 2018 tot 2019



0,9 persentasiepuntafname in % Engels van 2018 tot 2019



11,5% afname in aantal NE's met gr 12 \geq 80% van 2018 tot 2019



3,3 persentasiepuntafname in NE's met gr 12 \geq 80% van 2018 tot 2019

Die laer aantal inskrywings kan moontlik aan die volgende faktore toegeskryf word:

- Die NE-inskrywings in die Fakulteit Krygskunde is nie tydens die saamstel van die finale verslag afgehandel nie, en slegs die helfte van die verwagte NE's het in die registrasietydperk geregistreer.
- Laat goedkeuring van NSFAS-befondsing vir nuweling-eerstejaaraansoekers met 'n lae huishoudelike inkomste het ook 'n invloed op die inskrywings gehad.

2.4 Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente (NSFAS)

Die nuwe stelsel van gratis hoërsonderwys vir arm en werkersklasgesinne wat aan die einde van 2017 aangekondig is, vind in die vorm van 'n beurskema van die DHOO plaas, wat deur die Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente (NSFAS) bestuur word. Die beurse dek die volle studiekoste van studente met 'n bruto gesinsinkomste van minder as R350 000 per jaar.

Die nuwe stelsel is in 2018 ingestel en sal oor 'n tydperk van vyf jaar ingefaseer word. In 2019 bied die skema dus hulp aan eerste- en tweedejaarstudente.

'Volle koste' beteken dat volgende aspekte gedek word:

- Klasgeld
- Verblyf
- Gesubsidieerde maaltye: R14 400 per jaar
- Reiskoste: R10 000 per jaar vir studente wat van die huis af pendel (nie in koshuise nie)
- Gesubsidieerde boeke: R5 000 per jaar
- Leeftoelae: R2 750 per jaar (vir studente in koshuise en dié wat van die huis af pendel).

Bepalings en voorwaardes:

- Studente moet aan die minimum akademiese kriteria per jaar voldoen en moet hul program in die minimum tydperk van die program plus een bykomende jaar voltooi (die sogenaamde n + 1-reël).
- Die beurs vereis spesifieke sosiale verpligtinge soos gemeenskapsdiens.

	Aantal gefinansierde en geregistreerde studente	Totale geraamde foioe
2018	2 395	R224 m
2019	2 737	R272 m

Tabel 4: Aantal studente met NSFAS-befondsing.

Ons senior studente – dié wat voor die nuwe stelsel deur NSFAS befonds is en nuwe NSFAS-aansoekers in 2019 – kwalifiseer vir die beurse as hul bruto gesinsinkomste minder as R122 000 per jaar is. Hulle ontvang nie volkoste-beurse nie, maar ’n beperkte bedrag. In 2019 is die DHOO-beperking vir senior studente R88 600.

Die **uitdagings** waarvoor al ons NSFAS-gefinansierde studente tans te staan kom, sluit die volgende in:

- Verdragings in die uitbetalings van toelae vir boeke, kos en privaat verblyf
- Gebrekkige kommunikasie tussen die NSFAS en studente
- Verdragings in die verwerking van studente se appèlle
- Verdragings in die befondsing van studente met agterstallige skuld.

2.4.1 Aansoek vir 2019

NSFAS het van Oktober tot Desember 2018 op voorbereidings vir die 2019-befondsingsiklus gefokus. Ten einde bevestiging van befondsing van NSFAS te finaliseer, is universiteite gevra om toelatingsdata van nuweling- voorgraadse studente, registrasiedata, kwalifiseringskursusinligting asook akademiese uitslae vir moontlike voortsetting van NSFAS-befondsing van studente te stuur.

Die NSFAS se administrateur, dr Randall Carolissen, het in Desember evaluering versoek van 109 000 aansoekers wat aanvanklik onsuksesvol was vir die 2019- akademiese jaar. Op grond van hierdie proses is verklaar dat meer as 60 000 van hierdie aansoekers op grond van finansiële behoefte vir befondsing in aanmerking kom. Dit het gelei tot ’n aanmerklike toename in befondsingstoewysings aan universiteite.

2.4.2 2017- en 2018-afsluiting

Voorlegging van die 8%-fooi-aanpassingstoelae vir 2018 is ook in hierdie tydperk afgehandel. Soos in vorige jare kon die voorleggings egter nie voor die einde van die jaar afgehandel word nie, aangesien talle US-studente wat in 2017 en 2018 in aanmerking gekom het vir NSFAS-befondsing steeds nie gefinansier is nie, en ook as gevolg van **ongetekende NSFAS-studentekontrakte** (beursooreenkomste). Ondanks samewerkingspogings deur NSFAS en universiteite om onafgehandelde sake af te sluit, is ’n beduidende aantal kontrakte nog nie gegeneer of deur die betrokke studente onderteken nie.

Nuwe beursooreenkomste (NBO's)	Getal	Geldwaarde van NBO's
NBO's sedert 11 Januarie gegeneer	386	R36,4 m
NBO's steeds nie gegeneer nie (teen middel-Feb)	283	R26,7 m

Tabel 5: Status van nuwe beursooreenkomste (kontrakte)

2.4.3 Betaling van toelae aan NSFAS-ontvangers

NSFAS het ons ingelig dat hul prosesse herontwerp is om vinnige en akkurate betalings aan studente en universiteite te verseker. As deel van hierdie proses is toelae oor die sektor heen gestandaardiseer. Vir 2019 sal toelae vir privaat verblyf, boeke, maaltye en reis hierbenewens vrylik toeganklik en ongebonde aan studente beskikbaar wees, m.a.w. in 'kontantvorm' deur ’n veilige bankrekening.

2.5 Nuwe US-leningskema ondersteun die 'verlore middelgroep'

Ingevolge die presidensiële aankondiging oor gesubsidieerde hoëronderwys aan die einde van 2017 kwalifiseer alle finansiële behoeftige studente met ’n jaarlikse gesinsinkomste van minder as R350 000 vir ’n volkoste-beurs. Hierdie beurskema word oor die volgende vyf jaar ingefaseer.

Aan die een kant het die US besluit om die gebruik van steunfondse vir selfs behoeftiger studente, m.a.w. diegene met ’n jaarlikse gesinsinkomste van minder as R240 000, te hersien.

Aan die ander kant is studente in die sogenaamde verlore middelgroep – dié met ’n jaarlikse gesinsinkomste van tussen R350 000 en R600 000 – ook finansiële behoeftig. In die meeste gevalle kan hierdie groep studente dit nie bekostig om sonder finansiële steun te studeer nie, aangesien hulle beperkte toegang tot krediet van finansiële instellings het.

’n US-leningskema is hierdie jaar bekendgestel om studente in die verlore middelgroep te ondersteun. Die maksimum grootte van ’n lening is gelykstaande aan die onderrigfooi van die student. Die lening is **rentevry** tydens die **studietydperk** en terugbetaalbaar teen ’n **vaste prima koers** per jaar **ná voltooiing** van studies.

2.6 Registrasie en verblyf

Wat **verblyf** betref, het ons ongeveer 5 200 nuwelingstudente ingeskryf, maar daar is net 2 300 beddens beskikbaar vir nuweling-eerstejaars op ons kampusse te Stellenbosch en Tygerberg. Beddens is reeds in die jaar van aansoek (2018) toegeken.


Voorkeur is aan NSFAS-nuwelingstudente in die registrasietydperk gegee. In hierdie laat stadium is plasinge op grond van kansellasiestudies gedoen. Talle studente is na privaat geakkrediteerde verblyfplekke verwys. Laat toewysing van NSFAS-beurse in Januarie het ook die doeltreffende plasing van studente belemmer.

Een van die grootste nasionale uitdagings is steeds die **gebrek aan toeganklike en bekostigbare verblyf** vir finansiële behoeftige studente. Alhoewel ’n aansienlike aantal NSFAS-studente geplaas is, is baie na privaat verblyf verwys, maar talle kon egter nie toegang tot privaat verblyf verkry nie. Laat NSFAS-aanbiedinge was ook ’n probleem en het angstigheid onder studente geskep wat sonder verblyf by die kampus opgedaag het. Die Afdeling Studentesake het met hul instap-program studente tydens die verwelkomingstydperk vir nuweling-eerstejaars bygestaan wat sonder bevestigde **verblyf** by die kampus opgedaag het. Ongeveer 70 studente het verblyf in die Wimbledon- en AmaMaties-seksies (vir korttermynverblyf) gekry, en 55 is in koshuise geplaas.

2.7 Koshuisplasing van nuweling-eerstejaars

Die aanvaarding van ’n nuwe koshuisplasingbeleid in 2013 het ’n beduidende verandering in die diversiteitsprofiel van eerstejaars in koshuise meegebring.

Ná afloop van die amptelike registrasietydperk sien die profiel van eerstejaars wat in Universiteitskoshuise op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampus geplaas is, soos volg daar uit:



Figuur 24: Eerstejaars in Stellenbosch- en Tygerberg-koshuise geplaas, 2017–2019

Die volgende tendense is waargeneem:

- Daar was 'n geleidelike afname in die aantal wit studente en 'n toename in die aantal swart studente oor die afgelope drie plasingjare.
- Die aantal bruin en Indiër- en Asiër-studente het relatief stabiel gebly.
- Die verteenwoordiging van swart, bruin, Indiër- en Asiër-studente in koshuise (50%) is beduidend hoër as die 37,8%-verteenvoording van ingeskrewe eerstejaars vir die 2019-inname.
- Daar was 'n toename in die plasing van kwesbare studente in koshuise, spesifiek NSFAS-studente.³ Ongeveer 'n derde (28%) van die eerstejaars in koshuise het 'n NSFAS-toewysing ontvang, en ongeveer 600 van die 1 000 ingeskrewe eerstejaars wat tot op hede NSFAS-befondsing ontvang het, is in koshuise geplaas.
- Die toename in plasing op grond van kwesbaarheid het 'n impak op die akademiese profiel van studente in koshuise. Daar was 'n afname in die aantal studente wat in die akademiese kategorie 80%+ geplaas word. Hierdie afname stem egter ooreen met die 11,5%-afname in die aantal nuweling-eerstejaars met graad 12 \geq 80% van 2018 tot 2019. Die persentasie ingeskrewe eerstejaars met 'n 80%-gemiddelde het van 40,5% in 2017 tot 34,9% in 2019 afgeneem.

2.8 Nuwe studenteiers

Die nuut verkose Studenteraad (SR) is op 27 September 2018 by 'n seremonie aangebied deur die Kantoor vir Studentebestuur in die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture **ingehuldig**. SR-lede het hulle verbind tot diens aan die studentegemeenskap, die Universiteit en die land. ([Klik vir meer.](#))

Opleiding is aan nuwe lede van die SR en Tygerberg Studenteraad (TSR) in die vorm van die leierskapsontwikkelingsprogram vir senior studente gegee. Hierdie program is ontwerp om hulle te help om hul eie visie en missie vir hul ampstermyn te ontwikkel. Hulle is ook aan verskillende kontekste in die hoëronderrandskap en die samelewing bekendgestel, insluitende grondwetlike geletterdheid, en het meer van bestuur van die begrotings- en bestedingsproses geleer.

2.9 Siyakhula-werksessies

Die Transformasiekantoor het in Januarie met die Sentrum vir Studentegemeenskappe saamgewerk om die jaarlikse Siyakhula-transformasievaardigheidssessies vir nuweling-eerstejaars aan te bied. Altesaam 34 fasiliteerders is opgelei en 75 studentewerksessies is aangebied, wat bykans 5 000 nuwelinge bereik het. Die terugvoering was oorwegend positief.



Figure 25 en 26: Studentedeelnemers aan Siyakhula-werksessies in Januarie 2019.

³ Data gerapporteer sedert die aanvang van gratis onderwysfooi. Syfers is nog nie finaal nie, aangesien alle toewysings nog nie gefinaliseer is nie.

2.10 Studenteontwikkeling en -mentorskap aan die US

By die US doen ons baie moeite om ons studente te ondersteun en 'n omgewing te skep waar hulle kan floreer. Deur deelname aan 'n studentekluster gemeenskap, hetsy deur hulle koshuis of privaatstudenteorganisasie (PSO), **ontvang elke nuweling 'n mentor** – 'n senior student – om hulle op hulle US-reis te vergesel.

Vir dié doel het honderde mentors, huiskomitee lede, senior studente en ResEd-fasiliteerders in die middel van Januarie, twee weke voor die aanvang van klasse, twee dae se opleiding ontvang. Dít was 'n spanpoging waarvoor die hulpbronne van die ganse Afdeling Studentesake ingespan is.



Figuur 27: Statistieke oor die mentorskapsopleidingsprogram.

Amptelike sowel as nieamptelike studente leiers is opgelei om nuweling se aktiewe deelname aan die Verwelkomingsprogram te fasiliteer. Dít het vir die eerste keer ook eerstejaarskoördineerders uit verskillende fakulteite en studentekomitees ingesluit.



Figuur 28: Mentors besig met opleiding.

Die opleiding het gehandel oor selfbestuur met die oog op lewenslange leer, en hoe om veerkragtige gemeenskappe te skep. Die sterkpuntgebaseerde spanafrigting was veral baie doeltreffend. Die daaropvolgende ResEd-werksessies het nie net nuweling se sosiale bewustheid versterk nie, maar ook die grondslag vir holistiese studentesukses gedurende hulle tyd by die US gelê.

2.11 Studentevrywilligerdiens

As deel van die Verwelkomingsprogram vir 2019 het duisende nuwelingsstudente deelgeneem aan die **Sosiale Impak-gemeenskapsoggend** wat deur Matie Gemeenskapsdiens (MGD) bestuur is. Die doel van die jaarlikse veldtog is om die uiteenlopende behoeftes van gemeenskappe om die US se kampusse te verstaan én steun te bied.

Lede van meer as 35 US-studentegemeenskappe (koshuise en PSO's) het met meer as 24 gemeenskapsvennote saamgewerk om verskeie projekte op en om Stellenbosch- en Tygerbergkampus te fasiliteer. Vennote het ingesluit skole, welsynsorganisasies en nieregeringsorganisasies wat haweloses en senior burgers bedien, sowel as bewegings teen honger en armoede.



Figuur 29: US-studente werk in vennootskap met STOP HUNGER NOW.

Aan die begin van elke akademiese jaar verleen MGD ook hulp aan die Departement Maatskaplike Werk in ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe om 100 eerstejaars by agentskappe op en om Stellenbosch te plaas as deel van die oriëntering-/opleidingsprogram vir Maatskaplike Werk-studente.

Daarbenewens dien die eenstopvrywilligerprogram op ons Stellenbosch- en Tygerbergkampusse die hele jaar deur as 'n kern vir studentegedrewe projekte met 'n sosiale impak. Studentegroepe word aangemoedig om met bestaande gemeenskapsprojekte saam te span om die vermoë en impak van intervensies te verhoog.

MGD se opleidingsprogramme bied ook 'n vermoëbougelyentheid om gemeenskapslede, studenteleiers en vrywilligers met 'n sterk besef van maatskaplike verantwoordelikheid, geregtigheid en volhoubare impak toe te rus.

2.12 Ontwikkeling van hibriediese leerprogramme

Met hulle uitgebreide ervaring in die ontwerp en lewering van ten volle aanlyn kortprogramme, help die onderrigontwerpspan van die **Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL)** nou 'n aantal fakulteite om self ook hibriediese ("modus 2"-) modules en programme te ontwerp. Die ten volle aanlyn leerblokke in hierdie modules en programme behoort buigsamer, selfgereguleerde leer as deel van nagraadse en oorbruggingskursusse moontlik te maak. Boonop sal dit meer geleenthede bied vir studente om modules te herhaal wat vir akademiese vordering vereis word.

Voorbeelde van modules en programme wat tans ontwikkel word (die meeste vir inwerkingstelling teen 2020), sluit in:

- 'n Nagraadse Diploma in Strategiese Menslikehulpbronbestuur (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
- Biologie 124 vir die honneursprogram in Bio-informatika, sowel as Chemie 124 en 144 (Fakulteit Natuurwetenskappe)
- 'n MPhil in Kankerwetenskapnavorsing (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe)
- die module Strukture in Brande (Fakulteit Ingenieurswese)

2.13 Akademiese kortprogramme vir internasionale studente

Universiteit Stellenbosch Internasionaal se Global Education Centre (GEC) het onlangs twee kortprogramme in samewerking met die betrokke internasionale studente se tuisinstellings aangebied:

- **Virginia Tech, Verenigde State**
 - 29 Desember 2018 tot 12 Januarie 2019
 - 17 studente en drie personeellede
 - Agronomie- en Landbouprogram oor klein- en grootskaalse boerderymetodes en voedselsekerheid
- **Northwestern-program in Globale Gesondheidsorgtegnologieë, Northwestern-universiteit, Verenigde State**
 - 14 Januarie tot 24 Maart 2019
 - 17 studente en twee personeellede
 - Biomediese Ingenieurswese-program oor gesondheidstelselsingenieurswese, gesondheidstegnologiebestuur, en die innovasie en ontwerp van gesondheidsorgtegnologie

2.14 Nuwe Study Abroad-inisiatiewe

US Internasionaal se Study Abroad-program is noodsaaklik vir studentemobiliteit. Afgesien daarvan dat dit internasionale studente na die US bring en 'n internasionale klaskameromgewing vir plaaslike studente skep, maak die inkomste uit die program die grondslag uit vir reisbeurse waarmee US-studente aan uitwaartse mobiliteitsprogramme kan deelneem.

Die Amerikaanse Instituut vir Buitelandse Studie ("AIFS") is reeds langer as 20 jaar by die US betrokke. As 'n Study Abroad-verskaffer, het hulle 'n belangrike rol vervul om die US as 'n oorsese studiebestemming sowel as 'n somerskoolopsie vir studente van die Verenigde State te vestig. Nadat ons GEC verlede jaar 'n Januarie-termynopsie ("J-Term") aan AIFS voorgestel het, het ons die afgelope Januarie die eerste een aangebied. Veertien studente het aan 'n kredietdraende kursus oor die teorie en praktiese toepassing van reisfotografie deelgeneem. Aanstaaende jaar sal 'n kursus in Wingerd- en Wynkunde bygevoeg word, en sal die J-Term-opsies ook vir vennootinstellings aangebied word.

Daarbenewens gaan die GEC studentemobiliteitsooreenkomste aan om 'n volhoubare en toenemende toevoer Study Abroad-studente te skep. Sulke ooreenkomste is in 2018 gesluit met die Rheinische Fachhochschule Köln (Duitsland), die Luzernse Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe en Kuns (Switserland), die Universiteit van Notre Dame du Lac (Verenigde State), die Christelike Universiteit Texas ("TCU") (Verenigde State), SHR Berlyn (Duitsland) en ESME Sudria (Frankryk). Die eerste groep van nege studente van TCU het in Januarie vir die eerste semester aangekom.

George Mason-universiteit (GMU) (Verenigde State) het die US boonop by 'n lys van tien bestemmings vir hulle Global Gateway-eerstejaarsprogram ingesluit, wat tot 250 eerstejaars geleentheid bied om hulle tweede semester by een van GMU se gelyste vennote deur te bring. Twee Global Gateway-administrateurs het die GEC in November 2018 besoek om te bevestig dat al die

steunstrukture op kampus en op die dorp aan die programvereistes voldoen. Die program sal na verwagting in Februarie 2020 'n aanvang neem, en sal ook US-uitruilstudente in staat stel om GMU te besoek.

2.15 Internasionale akademiese kortprogramme vir Stellenbosse studente

Die GEC-span het die Tübingen-Suid-Afrika-program (6 tot 30 Januarie) gekoördineer. Agtien studente van die US, Wits en die universiteite van Kaapstad, KwaZulu-Natal, Johannesburg en Botswana het deelgeneem aan 'n Duitse kulturele uitruilprogram in Duitsland vir nuwelingreisigers en studente wat nog nooit vantevore so 'n geleentheid ontvang het nie.

2.16 JustLead!

Om nie net US-studente nie, maar ook ander jong leiers in Suid-Afrika met die vaardighede toe te rus om verandering in die samelewing teweeg te bring, het die Afdeling Studentesake verlede jaar – met die hulp van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) – die [aanlyn kortkursus JustLead!](#) geskep. Die kursus sluit 'n sewe weke lange aanlyn komponent in met regstreekse seminare deur verskeie fasiliteerders (bedryfskenners, Stellenbosse dosente en ander akademici), sowel as nadenkende, interaktiewe, selfgereguleerde tutoriale. Terselfdertyd werk studente deurlopend in aanlyn groepe aan 'n gemeenskapskamelingsaktiwiteit.

In die eerste aflewering van die kursus het die aanlyn sessies tussen Julie en November 2018 plaasgevind. 'n Drie dae lange kontakssessie op Stellenboschkampus het in Desember gevolg. Hier kon 57 kwalifiserende studente van oor die hele land, wat tot in daardie stadium nog slegs aanlyn geskaker het, mekaar van aangesig tot aangesig ontmoet. Benewens die US (Stellenbosch-, Tygerberg- en Saldanhakampus), was sewe hoëronderrysvennote (die universiteite van Wes-Kaapland, Fort Hare, KwaZulu-Natal, Johannesburg, Kaapstad, die Vrystaat sowel as Bolandkollege) en drie gemeenskapsvennote (die SA Onderwys- en Omgewingsprojek, Equal Education en Prochorus) ook verteenwoordig.

Die kursus, wat weer vanjaar in albei semesters aangebied sal word, kan nou as die goudstandaard dien vir die opskalering van Studentesake se programme deur middel van aanlyn platforms en gemengde leer, in pas met die US se doel om toegang te verbreed.



Figuur 30: Deelnemers aan die kortkursus JustLead! gedurende die kontakkomponent in Desember 2018.

2.17 Tolkdien

Die Tolkdien streef daarna om deur middel van 'n verskeidenheid media vir studente toegang tot inligting in verskeie tale te gee. Die primêre diens wat aan studente gelewer word, was altyd **opvoedkundige tolking** in die klaskamer, maar dit het in die onlangse verlede ontwikkel tot 'n meer **gediversifiseerde portefeulje** van aktiwiteite en dienste.

Die bykomende dienste wat verrig word, bevorder die uitbreiding van die Universiteit se taalaanbod aan studente op die volgende wyses:

- Deur die skep van tweetalige klanksendings (*podcasts*), waar bestaande lesingopnames vertaal en oorgeklank word om tweetalig beskikbaar gestel te word, word die beginsels van gemengde leer doeltreffender deur dosente toegepas.
- In 2018 het die Tolkdien simltane tolking in Xhosa, Afrikaans en Engels in 'n module van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe begin verskaf as deel van 'n eksperimentele loodsprojek oor meertalige tolking.
- Opvoedkundige tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal word sedert 2017 vir twee dowe studente in die Fakulteit Opvoedkunde aangebied, en dié diens het in 2018 verder ontwikkel tot 'n samewerkingsooreenkoms met die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

2.18 Elektroniese studenteterugvoerstelsel

'n Nuwe, aanlyn studenteterugvoerstelsel is op 24 Oktober 2018 oor die hele Universiteit in werking gestel – 'n projek van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking. Altesaam 115 modules oor agt fakulteite is op die stelsel geaktiveer. Die resultate tot dusver is goed, en nóg studente nóg die stelseladministrateurs het enige beduidende probleme ondervind. Volledige inligting oor die prosedures van die elektroniese stelsel verskyn op die Sentrum vir Onderrig en Leer se [studenteterugvoerwebblad](#). Studente het uit eie beweging positiewe terugvoer oor die platform gebied. Die beoogde impak is tweeledig: Eerstens sal die aanlyn platform geleidelik die bestaande handstelsel vervang sodat omvattender terugvoer van oor die hele instelling bekom kan word om onderrig, leer en kursusse te verbeter. Tweedens sal die stelsel uiteindelik as grondslag dien vir 'n holistiese projek om onderrig en leer te evalueer.

2.19 Maties Sport

Varsitybeker: Maties Rugby het hul veldtog om hul titel te verdedig met drie oorwinnings begin:

- 33 – 17 teen Wits op 4 Februarie
- 66 – 5 teen Ikeys op 11 Februarie
- 26 – 24 teen Tuks op 18 Februarie.

USSA-uitslae: Die **Maties Waterpolo**-spanne het vroeg in Desember aan hulle jaarlikse USSA-toernooi deelgeneem. Die vroue het die eerste keer in sewe jaar USSA-goud gewen, en die mans het weggestap met brons. **Maties Seil** het 'n algehele tweede plek in hulle USSA-kragmeting behaal. Die US het in Desember ook 'n suksesvolle USSA-kriekettoernooi aangebied, met 16 spanne op 17 verskillende velde. **Maties Krieket** het derde geëindig.

Gradeplegtighede: Maties Sport het in Desember deur verskeie studente-atlete verteenwoordig by ons gradeplegtighede. Dit bewys dat dit weliswaar moontlik is om suksesvol te studeer terwyl jy aan hoëvlak- mededingende sport deelneem. Die graduandi het ingesluit Johann van Niekerk, 'n lid van die triomfantelike Matiesrugbyspan wat die Varsitybeker gewen en in die eindstryd as speler van die wedstryd aangewys is; Justine Palframan, Olimpiese mededinger, wenner van twee medaljes in die Wêreldstudentespele, en inwoner van Huis Neethling; Alex van der Walt, kaptein van die Maties Waterpolo-vrouespan wat die USSA-toernooi enkele dae voor haar gradeplegtigheid gewen het, sowel as Maties Sokker se Courtney Williams, prim van Huis Neethling.

In 'n eerste vir Maties Sport se **Hoëprestasie-eenheid** het alle krag- en kondisioneringsafriegers, fisioterapeute en biokineticici wat met Maties-studenteatele werk in Desember 2018 vir 'n tafelronde byeengekom. Die doel was om die voorkoming en bestuur van beserings te bespreek, sowel as 'n geïntegreerde benadering om te sorg dat beseerde atlete na sportdeelname en -prestasie terugkeer.

Daarbenewens het Maties Sport in Januarie vanjaar **nuwe ondersteuners** ryker geword. Die Maties Sport-verwelkomingsfees het elke sportsoort 'n geleentheid gebied om hulleself aan die nuwelinge bekend te stel, en eerstejaars kon vrae stel, by klubs aansluit en hulle lojaliteit aan die US se sportspanne toesê. Dít maak deel uit van Maties Sport se verbintenis tot die bevordering van 'n gesonde, aktiewe leefstyl onder studente.

Huis Neethling, die US se toegewyde sportkoshuis, het 22 nuwelinge verwelkom (atletiek, rugby, netbal, sokker, fietsry, krieket en basketbal), wat opgewonde is oor die geleentheid om by ons studenteatleetfamilie aan te sluit. Maties Sport sien daarna uit om hulle te ondersteun om op akademiese én sportgebied uit te blink.

Tema 3: Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#): “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk met belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid”.

3.1 Gekoördineerde skakeling met belanghebbendes

Die Rektooraat het 'n gebruikervriendelike [raamwerk vir belanghebbendes skakeling by die US vir 2019](#) goedgekeur. Dit is in die vorm van 'n kalender wat verskillende dele van die akademiese jaar aan nasionale dae en veral ook aan temas uit ons strategiese en beleidsdokumente koppel.

Alle US-omgewings is reeds aangemoedig om hierdie eenbladsy raamwerk te gebruik om hulle skakeling met kernbelanghebbendes te beplan. Die gedagte is om bedrywighede en geleenthede te koördineer om groter sinergie en impak te bewerkstellig.

Die Transformasiekantoor het uitdrukking aan hierdie raamwerk gegee met die Imbizo 365-kalender om omgewings in staat te stel om meer aktief en doelgerig aan transformasieverwante aktiwiteite deel te neem, en te sorg dat dit met die nasionale kalender en die Universiteit se strategiese raamwerk strook. Die doel vanjaar is dat elke fakulteit ten minste drie skakelings in pas met die kalender sal aanbied, wat deur die hele jaar versprei behoort te word. Dr Claire Kelly, die Transformasiekantoor se Fakulteitsprogrambestuurder, werk in dié verband saam met fakulteite.

3.2 Transformasienetwerke en -vennootskappe

Me Babalwa Gusha, die Programkoördineerder van die Transformasiekantoor, het op 7 Februarie die **Transformasiebestuurdersforum** in Johannesburg bygewoon. Sodoende bly die US in aanraking met die groter transformasiegemeenskap in die Suid-Afrikaanse hoërondewyssektor.

Die Transformasiekantoor werk ook tans aan 'n samewerkingsverhouding met die Universiteit van Kaapstad se **Kantoor vir Inklusiwiteit en Verandering**. Hulle eerste vergadering om die moontlike vennootskap te bespreek het in Desember 2018 plaasgevind, en by 'n volgende ontmoeting in Maart sal hulle die pad vorentoe verder uitpluis.

3.3 Institusionele Transformasiekomitee

Die Institusionele Transformasiekomitee (ITK) en fakulteitstransformasiekomitees was die afgelope kwartaal meer aktief. Dr Kelly het alle vergaderings van fakulteitstransformasiekomitees bygewoon. Die ITK het boonop 'n dag lange strategiese beplanningssessie gehad. Dit het tot 'n heroorweging van die komiteeopdrag gelei, wat tans herskryf word. Die bedoeling is dat die ITK die Rektooraat moet adviseer oor kwessies wat uit die Transformasie-indaba sowel as meer algemeen op kampus ontstaan.

3.4 Internasionale besoeke en afvaardigings na die US

3.4.1 Inkomende studentemobiliteit

Twee Chinese afvaardigings het die US besoek om moontlikhede te ondersoek vir Chinese studente om aan die US te studeer. 'n Afvaardiging van die Zhejiang- provinsiale onderwysowerheid (24 Oktober 2018) het belangstelling getoon om toegang vir voorgraadse studente uit die provinsie te fasiliteer, terwyl die afvaardiging van die Guandong Universiteit van Finansies (19 Desember), onder leiding van hul president, prof Yong Heming, studente se belangstelling in hul provinsiale finansiële opleidingsprogramme verklaar het.

3.4.2 Verteenwoordigers van vennootinstellings

US Internasionaal en ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het saam besoekers van die Vrije Universiteit Mediese Sentrum Amsterdam (Nederland) op 25 en 26 Oktober en van Northwestern Universiteit (VSA) op 23 en 24 Januarie 2019 ontvang. Albei besoeke was gemik op uitbreiding van bestaande samewerkingsprogramme, veral om meer opsies vir studentemobiliteit te skep.

In die week van 20 November het US Internasionaal twee afvaardigings van ons vennoot, Leipzig Universiteit, ontvang om die US se eeuwording saam met ons te vier. Die eerste groep het hoofsaaklik uit navorsers van die Leipzig Globale en Europese Studies Instituut bestaan. Hulle het deelgeneem aan 'n werkwinkel getiteld "Knowledge Societies in Africa", wat deur prof Jan Botha van CREST gekoördineer is en US-akademiëci van Sosiologie, Geskiedenis, Politieke Wetenskap en CREST betrek het. Die tweede groep het navorsers op die gebiede van regte, kommunikasie, stedelike ontwikkeling, bedryfsonderrig en organiese chemie verteenwoordig, wat met hul eweknieë byeengekam het om moontlike samewerking te bespreek. US Internasionaal het met hul eweknieë van die Leipzig Internasionale Sentrum vergader om vennootskapsaktiwiteite vir 2019 te beplan.

Prof Peter Lievens, KU Leuven se viserektor vir internasionale beleid en LERU, en me An Huts, internasionale koördineerder, het die US van 11 tot 13 Desember besoek vir ons jaarlikse vennootskapsbestuursvergadering. Huidige aktiwiteite is geëvalueer en nuwe inisiatiewe is oorweeg. Leuven het die US uitgenooi om by hul Globale PhD-vennootskap aan te sluit, wat hulle met MIT aangevoer het. Prof Lievens het ook aan institusionele US-geleenthede deelgeneem.

Afvaardigings van North Carolina State Universiteit, Raleigh, in die VSA (22 November), Renmin Universiteit van China (21 Januarie 2019) en die Czech Tegniese Universiteit (CTU) in Praag (23 Januarie) het onderskeidelik gefokus op uitbreiding van die US-NC State-studenteuitruilprogram, somerprogramme en personeelmobiliteit, en aktiwiteite in die ingenieurswese. Prof Pavel Ripka, CTU se dekaan van Elektriese Ingenieurswese en institusionele koördineerder vir internasionale betrekkinge, sal op sy bestaande navorsingsamewerking met sy eweknieë voortbou. CTU sal 'n aanloklike bestemming vir die internasionale/internskap-brugjaarprogram in ingenieurswese wees.

In Februarie het 'n afvaardiging van die Universiteit van Ghana, onder leiding van prof Samuel Kwane Offei, pro-visekanselier vir akademiese en studentesake, met prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig, en prof Tony Leysens, Dekaan: Lettere en Sosiale Wetenskappe, vergader om hul aktiwiteite in akademiese en studentesake met soortgelyke US-strukture te vergelyk.

3.4.3 Verteenwoordigers van instellings wat bande wil vestig

Op 5 November het prof Anthony Foster, visekansellier van die Universiteit van Essex, 'n afvaardiging gelei wat met my en proff Hester Klopper en Eugene Cloete vergader het. Gesprekke is met US-kollegas op die gebiede van ekonomiese en bestuurswetenskappe, fisiologiese wetenskappe, rekenaarwetenskap, elektriese en elektroniese ingenieurswese, regte en navorsingsbestuur gevoer.

Prof Lars Tore Ronglan, rektor van die Noorweegse Skool van Sportwetenskappe, het die Departement Sportwetenskap op 6 Desember besoek om die US as 'n bestemming vir hul studente te ondersoek en om geleenthede vir navorsingsamewerking te identifiseer. Op 18 Februarie het dr Ali Saud Al-Bimani, visekansellier van die Sultan Qaboos Universiteit in Oman, die US besoek om samewerkingsmoontlikhede op die gebied van lewenswetenskappe en nanotegnologie te verken.

In Februarie 2019 het die GEC 'n groep studente van die Universiteit van Pardubice in die Tsjeggiese Republiek ontvang. Hul viserektor, dr Andrea Koblížková, het met proff Hester Klopper, Louise Warnich (Dekaan: Wetenskap) en Pierre Erasmus (Ondernemingsbestuur) vergader om institusionele samewerking op die gebied van ondernemingsbestuur en chemie te bespreek.

Op 21 en 22 Februarie 2019 het 'n afvaardiging van die Universiteit van Natuurlike Hulpbronne en Lewenswetenskappe, Wene, onder leiding van hul rektor, prof Hubert Hasenauer, die US besoek. Ek het 'n ontvangs vir die afvaardiging aangebied, waar die vorige samewerking aan 'n projek genaamd Globally and Locally-sustainable Food-Water-Energy Innovation in Urban Living Labs uitgebrei is tot 'n institusionele ooreenkoms. Die afvaardiging het die Fakulteit AgriWetenskappe besoek en vergaderings is met die dekaan, prof Danie Brink, asook akademici van die departement Grondkunde, Veekundige Wetenskappe, Plantpatologie, Wingerd- en Wynkunde, Agronomie en Genetika gehou.

Prof Otlogetswe Totolo, visekansellier van die Botswana Internasionale Universiteit van Wetenskap en Tegnologie (BIUST), het aan die 2019-konferensie oor mededingende vervaardiging (COMA'19), gekoördineer deur die US se Bedryfsingenieurswese, deelgeneem. Die BIUST-afvaardiging het met ons Sentrum vir Samewerking in Afrika geskakel, en die aanvoorstappe vir die ontwikkeling van 'n institusionele ooreenkoms tussen BIUST en die US is gedoen.

Aanvoorvergaderings is gehou met afgevaardigdes van die Julius-Maximilians-Universität Würzburg, Duitsland (regte, moderne vreemde tale en mediese virologie) en die Universiteit van California Berkeley (algemene studentemobiliteit). Die HS Kehl (Universiteit van Administrasie in Kehl), Duitsland, het die Skool vir Publieke Leierskap besoek. Hulle beplan om saam te werk aan die ontwikkeling van 'n meestersgraadprogram in openbare administrasie en internasionale ontwikkelingskoördinering en om by die EU aansoek te doen om befondsing en met instellings in Etiopië in hierdie verband te skakel.

3.4.4 Regerings, internasionale organisasies en ontwikkelingsagentskappe

'n Afvaardiging van die Pan-Afrika Universiteit Instituut vir Water- en Energiewetenskappe, wat deur die Universiteit van Tlemcen in Algerië gehuisves word, het die US in Desember besoek om insig te verkry in opvoedkundige intervensies en om ervaring te deel oor die ontwikkeling van uitnemendheid in hoër onderwys. Dit is deur die Volhoubaarheidsinstituut gefasiliteer, asook deur die Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit.

Me Dagmar Freitag, 'n senior lid van die Duitse parlement, het prof Hester Klopper op 7 Februarie besoek rakende die nuutste verwickelinge in die US se nuwe visie en strategiese raamwerk. Me Freitag het ook met studente by die Departement Moderne Vreemde Tale, kollegas by die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge en Sportwetenskap geskakel. Die Duitse konsul-generaal, mnr Matthias Hansen, het me Freitag vergesel.

US Internasionaal en die Afdeling Navorsingsontwikkeling was geskeduleer om op 21 Februarie **French Day @ SU** in samewerking met die Franse ambassade aan te bied. Die fokus sou op

studentemobiliteit en samewerking in wetenskap en innovasie wees. Die geleentheid sou 'n uitstalling met stalletjies van instellings insluit wat moontlikhede vir studentemobiliteit na Frankryk asook navorsingsgeleenthede bied. Studente van die Departement Moderne Vreemde Tale sou 'n kort toneelstuk in die Neelsie opvoer.

3.5 Internasionale universiteitdorpkonferensie

'n Hoogtepunt van ons Eeufeesbedrywighede teen die einde van 2018 was die internasionale universiteitdorpkonferensie wat ons in samewerking met die kantoor van die uitvoerende burgemeester van Stellenbosch van 28 tot 30 November in die Ou Hoofgebou aangebied het. Die konferensie was 'n geleentheid vir universiteite wat 'n kerndeel van hulle onderskeie dorpe/stede uitmaak om sake van gemeenskaplike belang te bespreek.

Benewens die US self, is Suid-Afrika deur die Universiteit van Fort Hare en Rhodes-universiteit verteenwoordig. Internasionale instellings het ingesluit die universiteite van Bath, Coventry, Durham, Göttingen, St Andrews en Lund, sowel as Queen's University in Kanada en Belfast, KU Leuven en Pennsilvanië-staatsuniversiteit.

Ná beraadslaging oor onderwerpe soos die strukturering van verhoudings, skakeling met die gemeenskap en plaaslike ondernemings, maatskaplike samehang, die rol van sport, ekonomiese impak, internasionalisering en studentegemeenskappe het afgevaardigdes oor die volgende gevolgtrekkings ooreengekom:

- Eksterne verhoudings is van die allergrootste belang. 'n Universiteit behoort duidelik met die dorp en sy sakelui te kommunikeer. Dít kan byvoorbeeld oor toegang tot universiteitsgeriewe en die impak van groot geleenthede wees.
- Skakeling met die gemeenskap behoort navorsings- en kurrikulumontwikkeling in te sluit, sowel as toegang tot plaaslike skole vir internasionale personeel en studente.
- Uitreikaksies na sakelui kan die vorm aanneem van universiteitsaanvangsfinansiering en studentekonsultasiedienste vir kleinsakeondernemings, en kurrikulêre en ko-kurrikulêre programme om in sakebehoefte te voorsien.

Ek het in die slotsessie die stigting van 'n internasionale universiteitdorpnetwerk aan die hand gedoen, met die teenwoordige instellings as stigterslede. 'n Moontlike opvolgvergadering vind dalk later vanjaar plaas (Göttingen het aangedui dat hulle moontlik as gasheer sou wou optree).

3.6 US gaan help om goeie staatsbestuur in Afrika te versterk

Die US se Instituut vir Toekomstnavorsing het op 14 Februarie 'n ooreenkoms met die African Peer Review Mechanism (APRM) gesluit. 'n Vyfjaar-vennootskap word in die vooruitsig gestel, wat navorsings- en onderriggeleenthede behels, asook samewerkende inisiatiewe waarby sowel US-akademië as -studente betrek sal word. Die APRM is in 2003 deur die Afrika-unie tot stand gebring om goeie staatsbestuur op die vasteland te bevorder. Die liggaam ondersoek nie net politieke dimensies nie, maar ook ekonomiese en korporatiewe bestuur.

3.7 US/KU Leuven-dinkskrum

Die dinkskrumprojek maak deel uit van 'n samewerkingsooreenkoms tussen die US en KU Leuven. Dit beoog om die volgende generasie akademië toe te rus met die nodige ko-kurrikulêre vaardighede om optimaal te presteer in 'n interdisiplinêre navorsingsomgewing en 'n onderling verbonde wêreld. Dít word bereik deur studente internasionale, interkulturele en ervaringsleergeleenthede te bied.

Wat die dinkskrum van ander internasionale kulturele uitruilaksies onderskei, is dat dit afgestem is op die beste akademiese presteerders wat potensiaal toon om hulle nagraadse studie internasionaal voort te sit. Dinkskrumdeelnemers word uit die beste 10% van honneurs- en magisterstudente

gekies. Die jaar lange program loop uit op 'n tentoonstelling van leer wat uit die dinkskrumaktiwiteite gespruit het.

Die US se deelnemers van 2018 het KU Leuven in April vir 'n intense fokusgroepweek besoek, en die teenbesoek het in Desember plaasgevind. Die tema was "Vox Populi", en deelnemers het hulle dokumentêr by die US vertoon en ook hulle verskillende interdisiplinêre projekte uitgestal.


Die tema vir vanjaar se dinkskrumprogram is "Gesondheid, welstand en die toekoms van gesondheidsorg".

3.8 Stellenbosch gemeenskapsvennootskap


Die Afdeling Sosiale Impak het die afgelope jaar in vennootskap met omliggende gebiede, gemeenskapsgroepe en organisasies gewerk om die konsep van gemeenskap op Stellenbosch te help herstel. Dít is dan ook die visie van die onlangs gestigte Gesamentlike Bestuursforum, wat verskeie organisasies in die Stellenbosch-omgewing byeenbring. Hierdie doelgerigte vennootskap is 'n geleentheid vir die Universiteit om sy waarde van billikheid uit te leef, wat ons nuwe *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* omskryf as "restitusie in reaksie op ons vorige nalatenskap en regverdigheid in ons strewes".

3.9 Sosiale Impak-kennisplatform

Die getal geregistreerde inisiatiewe met 'n sosiale impak op die Sosiale Impak-kennisplatform (SIKP) neem geleidelik toe. Die registrasie van inisiatiewe maak beter steun, koördinering en belanghebbendeskakeling moontlik, wat sodoende sosiale impak aan die US versterk. Gaan na <http://www.sun.ac.za/si/af-za/Pages/default.aspx> vir meer inligting.



Figuur 31 (bo): Inisiatiewe met 'n sosiale impak in 2018, per fakulteit.




Figuur 32 (bo): Inisiatiewe met 'n sosiale impak in 2018, volgens tipe.

3.10 Telematiese Skoleprojek


Die Telematiese Skoleprojek is in 2018 vir 'n Wes-Kaapse Premierstoekening vir uitnemende diens in die kategorie vir "Bes geïmplementeerde projek" benoem. Dit is uiteindelik met 'n silwer toekening bekroon by die prysuitdeling wat op 4 Desember in Somerset-Wes gehou is. Die span het sedertdien ook 'n uitstalling by die provinsiale regering se Innovasiedag op 25 Januarie 2019 aangebied.

Die Telematiese Skoleprojek is in 2009 van stapel gestuur met die aanvanklike doelwit om deelnemende skole se graad 12-jaareinduitslae te verbeter. Mettertyd is dit uitgebrei om ook graad 10 en 11 in te sluit. Deesdae vind 1 100 skole landwyd baat by die interaktiewe satellietuitsendings van ekstra lesse, wat op moeilike begrippe in nege kernvakke konsentreer. Die uitsendings vind smiddae vanaf die ateljee by die US plaas en maak van die beste beskikbare onderwysers gebruik.



Figuur 33: Tydlyn van die Telematiese Skoleprojek.

Die projek is op onderpresteerderskole met lae slaagsyfers ingestel. Die sukses van die inisiatief blyk duidelik uit die al hoe kleiner gaping tussen die slaagsyfer by deelnemerskole en die gemiddelde slaagsyfer vir alle openbare skole in die Wes-Kaap, soos die grafiek hieronder toon:



Figuur 34: Impak van die Telematiese Skoleprojek op slaagsyfers by deelnemende skole.

3.11 Studentewerwing

Ons Sentrum vir Studentewerwing is daartoe verbind om die beste moontlike talent uit alle onderwyskontekste deur vennootskappe met belangrike interne en eksterne belanghebbendes te lok. Die Sentrum is ook verbind tot die gebruik van innoverende tegnieke en benaderings om die US as 'n waardetoevoegende instelling te posisioneer.

Die drie vernaamste kommunikasiestrategieë vir die verspreiding van inligting is persoonlike kontak, kommunikasie en geleenthede. Al drie strategieë help ons om die beste studente vir die US

te lok en te behou.

'n Groep bestaande uit 50 leerders van skole oor die Wes-, Noord- en Oos-Kaap-provinsie heen het in Desember 2018 ons Stellenbosch-kampus besoek as deel van die jaarlikse *Die Burger* Jeugleierskongres. Dit het aan US-studentewerwers 'n finale geleentheid vir die jaar gebied om met die skoolmark te skakel.

Vorbereidings is aan die begin van 2019 vir die jaarlikse US Opedag op 23 Februarie getref, wat die eerste groot geleentheid vir die jaar is om studente vir 2020 te werf.

3.12 Inskrywings en WOW

Die program Woorde Open Wêreld (WOW) van die US Woordfees is sedert die aanvang van die eerste kwartaal druk besig met meer as **200 skoolbesoeke** in die Wes-, Noord- en Oos-Kaap met 'n besondere klem op literatuurstudie vir matrikulante. Inligting oor US-aansoekprosesse en finansiële bystand aan voornemende studente word ook oudergewoonte versprei.

Die US se getal nuwelingeerstejaars uit skole wat aan WOW-bedrywigheede deelneem, het oor die jare bestendig toegeneem (sien tabel hieronder). Die meeste van hulle is eerstegerasiestudente. WOW ondersteun die studente met mentorskap, aanvullende beurse en etes.

Kwalifikasie	2014	2015	2016	2017	2018
Voorgraadse diploma/sertifikaat	13	10	50	59	815
Algemene akademiese 1 ^{ste} baccalaureus	636	666	655	686	757
Professionele 1 ^{ste} baccalaureus	547	577	620	614	37
Voorgraads totaal	1 196	1 253	1 325	1 359	1 609
Nagraadse baccalaureus	2	3	3	5	10
Nagraadse diploma/sertifikaat	101	78	80	93	108
Honneurs	74	55	84	80	99
Magister	159	180	166	172	213
Doktoraal	55	57	57	52	65
Nagraads totaal	391	373	390	402	495
Spesiale studente	18	19	17	25	13
Totaal	1 605	1 645	1 732	1 786	2 117

Tabel 6: US-nuwelingeerstejaars uit skole wat aan WOW deelneem, 2014–2018.

3.13 Universiteit Stellenbosch Museum

Die US Museum het 'n wye netwerk vennootskappe op nasionale en internasionale vlak gesmee.

In plaaslike verband is vennootskappe met Bergrivier Toerisme, Piketberg Museum en Knysna Museum in verband met kultuurhistoriese sake tot stand gebring.

Daarbenewens het mnr Bongani Mgijima, die direkteur van die museum, teen die einde van 2018 'n verskeidenheid internasionale ontmoetings gehad. Hy is in Oktober saam met die uitvoerende hoof van die Nelson Mandela Museum genooi om as spreker by Michigan-staatsuniversiteit (MSU) se vieringe van wyle oudpresident Nelson Mandela se 100ste verjaardag op te tree. Mgijima se praatjie het oor die Waarheid-en-versoeningskommissie gehandel. Terwyl hy daar was, het hy ook hoëvlakvergaderings gehad met kollegas van MSU, waar hy 'n navorsingsgenoot is. Die US Museum stel tans 'n memorandum van verstandhouding met MSU op om hulle verhouding amptelik te maak.

Ons museum en MSU is gesamentlike ontvangers van 'n Mellon-toekenning ter waarde van \$800 000 om die Ubuntu-dialoogprogram oor 'n tydperk van drie jaar in werking te stel. Hierdie program beoog om studente- en personeeluitruilaksies tussen instellings in die Verenigde State en Suid-Afrika moontlik te maak. Twintig studente van die twee instellings sal jaarliks die geleentheid ontvang om as nagraadse genote praktiese oorsese indienservaring op te doen. Dít sal aangevul

word deur twee aanlyn gesprekke tussen US- en MSU-studente. Agt seminare met die oog op ontluikende jong vakkundiges sal ook jaarliks in albei lande gehou word. Die beoogde eindproduk sal 'n akademiese publikasie wees wat wêreldwye Suid-Noord-skakeling ondersoek.

Mgijima het ook sy besoek aan die Verenigde State benut om moontlike vennootskappe met Missouri-staatsuniversiteit, die Universiteit van Georgia, New York-universiteit sowel as die Washington DC-gebaseerde Nasionale Museum van Afro-Amerikaanse Geskiedenis en Kultuur en Nasionale Museum van Afrikakuns te verken.

3.14 Kampusgesondheidsdiens (KGD)

Kliniese personeellede en die beroepsgesondheidspan van KGD maak deel uit van 'n **voedselsekerheidstaakgroep**. Die groep bestaan uit studente en personeellede, en beoog om na oplossings te soek vir die uitdagings van voedselsekerheid en eetsteurings by die US. Hulle werk duur voort.

As deel van die gevestigde verhouding tussen **KGD en Maties Sport** is mediese en fisioterapiesteun verleen aan die Maties USSA-krieketspan, sowel as voorbereidingssteun aan Maties se onder-20-Varsitybekerspan ("Young Guns") en die senior Varsitybeker groep ter voorbereiding vir hulle onderskeie veldtogte.

'n Vennootskap met die bedryf en die Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde het boonop gelei tot die installering van twee stukke ultramoderne toerusting by KGD (sien hieronder). Dit verbeter nou die behandeling van verskeie akute en chroniese **skeletspierbeserings** en -toestande met 'n kombinasie van toegespitste en stralingskookgolfterapie. Hoëprestasieatlete sowel as die naweekstryders wat aan verskillende sportsoorte deelneem, sal almal by hierdie toevoeging tot KGD se hipertegnologiese toerusting baat vind. Albei toestelle sal ook verskeie navorsingsgeleenthede op die gebied van skeletspiergeneeskunde skep.



Figure 35 en 36: Die nuwe toerusting wat by KGD geïnstalleer is.

Daarbenewens het KGD se kliniese verpleegpraktisyns met opleiding in die verpleegkundig aangevoerde bestuur van antiretrovirale behandeling (oftewel "**NIMHART**") begin. Dit dra nie net aansienlik tot KGD se primêresorgaanbod by nie, maar vervul ook 'n kernrol in die vroeë bestuur van personeel of studente wat MIV-positief toets. Na afloop van die opleiding, wat in vennootskap met Universiteite Suid-Afrika en die Nasionale Departement van Gesondheid aangebied word, sal die kampusgemeenskap by alle KGD-klinieke gratis toegang tot staatsvoorsiene ARV's hê. Dit maak dit onnodig vir personeel en studente om in reeds oorlaaide staatsklinieke vir hulle medisyne tou te staan.

3.15 Maties Tennis

Met die vestiging van tennis as 'n hoëprestasie- (HP-)sportsoort en die aanstelling van 'n voltydse tennisafrieter by Maties Tennis, is die eerste treë geneem om die droom van 'n wêreldklas-

nasionale tennissentrum aan die US te verwesenlik. Die US en Tennis Suid-Afrika (TSA) het teen die einde van 2017 'n strategiese vennootskapsooreenkoms onderteken, wat onder meer beoog om 'n tersiêre onderwysoplossing te bied aan begaafde jong tennisspelers wat wil studeer terwyl hulle aan hulle tennisloopbane werk.

Die aanstelling van dr Brendan Thomas, self 'n voormalige Maties-tennisspeler, in Januarie strook met die HP-eenheid se atleetgerigte, afrigtergeleide benadering. Die HP-tennisspan sal waarskynlik uit ten minste agt man- en agt vrouespelers bestaan. Een van die Maties-tennisspelers wat haar opwinding oor hierdie ontwikkeling uitgespreek het, is Sinazo Solani, wat gekies is om Suid-Afrika in Februarie in sy Federasiebekerwedstryd in Luxemburg te verteenwoordig..

3.16 Maties Swem

In 'n soortgelyke trant het die US onlangs ook 'n strategiese vennootskapsooreenkoms met Swem SA onderteken. Die doel is om 'n sentrum van uitnemendheid by Maties Swem te skep en begaafde jong plaaslike swemmers sodoende toegang tot tersiêre onderwys te bied. Swem SA sal na verwagting oefenkampe by die US se ultramoderne swembad by Coetzenburg aanbied, wat verdere kennis en kundigheid na plaaslike waters sal bring.

Tema 4: Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) behels hierdie kern strategiese tema die volgende: “Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook 'n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind.

“Hierdie benaderings rig die Universiteit as 'n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep 'n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde 'n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

4.1 Akademieskap van Onderrig en Leer

Die [11de jaarkonferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer \(AvOL\)](#) het aan die einde van Oktober 2018 plaasgevind. Sowat 220 afgevaardigdes uit ál tien die Universiteit se fakulteite het deelgeneem aan die 85 aanbiedings en besprekings oor onderwerpe soos innoverende onderrig, graduandi-kenmerke, kurrikulumontwerp, assessering en terugvoer, die gebruik van tegnologie, nagraadse onderwys en interdisiplinêre onderrig. Dr Kathleen M. Quinlan, direkteur van die Sentrum vir die Studie van Hoër Onderwys aan die Universiteit van Kent, het die openingsessie aangebied met 'n praatjie oor “Leierskap vir leer: Bou jou waardes en onderrigkennis”.

Klik [hier](#) vir die boek met opsommings, en [hier](#) vir klanksendings en skyfies van die hoofaanbiedings.



Figuur 37: Prof Arnold Schoonwinkel saam met die weners van die AvOL 2018-prys vir die beste navorsingsgebaseerde aanbieding, van links, prof Ronel du Preez, me Samantha Adams en me Magda Barnard.

4.2 Innovasie en navorsing in leer en onderrig

Van die 23 voorstelle wat die [Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig \(FINLO\)](#) in November verlede jaar ontvang het, is 17 aanvaar. Die fonds stel dosente in staat om te innoveer, praktyk- en prosesdoeltreffendheid te evalueer, en leer-en-onderrigprobleme, -oplossings en -tendense te ondersoek.

FINLO-toekennings word twee keer per jaar deur 'n komitee van akademici en personeellede uit die professionele administratiewe steundienste- (PASD-)omgewing gedoen. Finansiering van tot R50 000 word per voorstel toegestaan. Die volgende aansoekronde is in Mei 2019.

4.3 Afrika Doktorale Akademie-somerskool


Die tiende jaarlikse [Afrika Doktorale Akademie- \(ADA-\)somerskool](#) is van 3 tot 18 Januarie aangebied. Altesaam 218 afgevaardigdes het 19 werksessies bygewoon, wat gefasiliteer is deur akademici van KU Leuven (België), die Universiteit van St Gallen (Switserland), die Universiteit van Michigan, die Universiteit van Nebraska en Lincoln-universiteit (ál drie van die Verenigde State) en Trinity-kollege Dublin (Ierland).

Afgevaardigdes het personeellede en studente van universiteite in Botswana, Kenia, Nigerië, Tanzanië, Uganda, Zambië en Zimbabwe ingesluit. Twintig van hulle het finansiering van die Carnegie-korporasie van New York ontvang, terwyl die US se Sentrum vir Samewerking in Afrika beurse toegeken het aan sewe afgevaardigdes van universiteite wat tot die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) behoort.

4.4 Aanlyn kursus vir doktorale studieleiers by Afrika-universiteite

Die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST) het finansiering van die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD) bekom om 'n aanlyn kursus te ontwikkel vir akademiese personeellede wat hulle vaardighede in doktorale studieleiding wil verbeter. Dit is veral afgestem op nuweling- doktorale studieleiers by Afrika-universiteite.

Die eerste aflewering van die hoogs interaktiewe kursus is gedurende die vier maande van Oktober 2018 tot Januarie 2019 vir 151 deelnemers van 24 lande op die vasteland aangebied. Die voltooiingskoers van 79% en die hoë tevredenheidsyfer (sien hieronder) getuig van die sukses van die kursus sowel as van die aanlyn leer-en-onderrigmodus.



Figuur 38: Deelnemerterugvoer oor hulle tevredenheid met die kursus.

’n Verdere twee kursussiklusse word vir vanjaar beplan (Mei tot Augustus, en Oktober tot Januarie 2020), met soortgelyke planne vir die toekoms.

4.5 Personeelkapasiteitsontwikkeling in die sektor

In Die **US Taalsentrum** het in 2018 betrokke geraak by ’n projek getiteld “Enhancing staff capacity towards knowledge exchange: In engineering education and in practice” as deel van die DHOO se program vir die ontwikkeling van universiteitskapasiteit. Hierdie projek behels samewerking tussen drie hoërondewysinstellings, naamlik Walter Sisulu Universiteit (WSU), die US en Coventry Universiteit in die Verenigde Koninkryk.

Die samewerking behels mentorskap en die deel van kundigheid. Die doel is om kapasiteit onder WSU-personeel te ontwikkel deur werkswinkels wat op bedryfsbehoefte ingestel is. Die deelnemers by WSU is die akademiese personeel wat Kommunikasie-kursusse vir ingenieurstudente en -personeel onderrig. Die projekleier vir die US is prof Anton Basson, Visedekaan: Onderrig en Gehalteversekering van die Fakulteit Ingenieurswese. Dr Kabelo Sebolai, dr Arne Binneman en mev Erina Basson is die projekspanlede van die Taalsentrum.

Die aktiwiteite wat vir die projek in beplan word, sluit die volgende in:

- Personeel- en kurrikulumontwikkeling vir die verbetering van ingenieursgraduandi se kommunikasievaardighede
- Ontwikkeling van personeelkapasiteit vir onderrig vir die professionele wêreld
- Toepassing van projek- en probleemgebaseerde leer
- Ontwikkeling van personeelkapasiteit om nagraadse studieleiding te onderneem
- Navorsing oor kurrikulumkartering as ’n instrument vir kurrikulumontleding.

Die US se rol is om samewerkende ontwikkeling en implementering van ’n beoogde Professionele Kommunikasie-kursus asook ’n ‘Lab-on-Line’-leesontwikkelingsprogram in die hand te werk.

4.6 Sentrum vir Sportleierskap

Die omskepping van die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe in ’n Sentrum vir Sportleierskap (SSL) onder Maties Sport is goed aan die gang, en dr Gustav Venter is as hoof van die nuwe struktuur aangestel. Die SSL sal Maties Sport die akademiese voetspoor van sport aan die US help uitbrei. Dít sal op twee maniere gedoen word: deur leierskap in sport deur kortkursusse, werksessies en ander opleidingsgeleenthede te ontwikkel, en deur denkleierskap in die vorm van navorsing oor dringende aangeleenthede in Suid-Afrikaanse sport te bied..

Tema 5: Navorsing vir impak

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdisiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

5.1 Navorsingsuitsette

In sy aparte jaarverslag aan die Senaat, verskaf die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies gegewens wat ons navorsingsintensiewe aard as ’n instelling duidelik aandui. Ons handhaaf al die afgelope paar jaar ’n hoë uitsetsyfer en volgens die DHOO het ons in 2017 (uitset in 2018 bepaal) nog groter hoogtes bereik:

Navorsingsuitsette	2013	2014	2015	2016	2017
Geweegde navorsingsuitset per kop	2,97	3,03	2,92	3,11	3,23
Navorsingspublikasie-uitset per kop	1,47	1,50	1,32	1,58	1,63

Tabel 7: Navorsingsuitsette van die US.

5.2 US navorsing toegankliker gemaak

Volgens die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies is die Biblioteek se institusionele navorsingsplatform, [SUNScholar](#), besig om die wêreldwye sigbaarheid van die Universiteit se navorsingsuitsette te verbeter en om die uitsette te bewaar. In 2018 is ’n totaal van 2 223 uitsette vir bewaring gelaai, waarvan 1 142 tesse en verhandelinge was en die res artikels deur US-navorsers. Die argief word goed gebruik, met ’n totaal van 594 000 besoeke en 259 000 kere wat dokumente afgelaai is in 2018.

Deur [SUNJournals](#), ’n oop-bron vaktydskrif-gasheerplatform, het die Biblioteek verder institusionele navorsingsuitsette beskikbaar gestel deur 97 bydraes van Stellenbosch-skrywers in die 25 oop-bron-vaktydskrifte aan te bied.

Die Biblioteek se digitale erfenisplatform, [SUNDigital Collections](#), wat unieke biblioteekbronne en spesiale versamelings beskikbaar stel en bewaar, het ook stewig gegroei in 2018. Dit bevat 12 917 artikels in 30 versameling en het 14 274 besoekers en 9 908 kere wat dokumente afgelaai is vir die jaar gehad

5.3 Verslag oor biologiese indringers in Suid-Afrika

Twee US-ekoloë, proff Brian van Wilgen en John Wilson, was die hoofskrywers van Suid-Afrika se eerste nasionale verslag oor die status van indringerspesies, wat in November 2018 deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut gepubliseer is.

Die verslag, [The Status of Biological Invasions and their Management in South Africa 2017](#), is ook die eerste verslag ter wêreld wat op nasionale vlak spesifiek op biologiese indringers fokus.

Van Wilgen en Wilson, albei verbonde aan die [DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie](#) by die US, het ’n span van 37 redakteurs en outeurs van 14 verskillende organisasies gelei in die ontwikkeling van ’n raamwerk en ’n stel aanwysers om verslag te lewer oor die status van biologiese indringers op ’n nasionale vlak.

Die verslag toon rede tot kommer. Die navorsers het gevind dat die tempo van bekendstelling van spesies toeneem, in ooreenstemming met toenames in reis en handel, en dat daar tans sewe nuwe spesies per jaar die land binnekom. Die kommerwekkendste bevinding is dat Suid-Afrika se sukses

met die bestuur van indringers tans op slegs 5,5% staan, ondanks die feit dat daar die afgelope 20 jaar meer as R12 biljoen bestee is.

5.4 Sagteware vir intydse vertaling van bladmusiek na Braille

Een van ons Rekenaarwetenskapstudente, mnr Cameron Raven, het 'n sagtewareprogram ontwikkel wat bladmusiek na Braille, en omgekeerd, kan vertaal. Die projek was deel van sy BSc Honneursprojek onder studieleiding van prof Lynette van Zijl, alombekend vir haar bydraes op die gebied van rekenaarondersteunde tegnologie vir sig- en gehoorgestremde mense.

Mnr Raven het die stelsel spesifiek vir die onderrig van musiek by die [Pionierskool](#) vir Siggestremdes in Worcester ontwikkel. Mnr Hannes Byleveldt, adjunkhoof by die skool, sê musiek is een van die belangrikste boustene in blinde leerders se ontwikkeling. Een van hul voormalige leerders, me Michelle Nell, is tans vir 'n meestersgraad in musiekonderrig by die US ingeskryf.

Die US en die Pionierskool het vroeër vanjaar 'n samewerkingsooreenkoms onderteken met die doel om e-leer en die gehalte van onderrig by die skool te ondersteun. Ons Departement Rekenaarwetenskap het rekenaars aan die skool geskenk, wat beskikbaar gestel is ná die vernuwing van toerusting in die Natuurwetenskappe Rekenaargebruikersareas.

5.5 Skool vir Datawetenskap en Berekeningsdenke

Daar is beduidende vordering in 2018 gemaak met die vestiging van ons beoogde Skool vir Datawetenskap en Berekeningsdenke aan die US. Taakspanne wat op voorgraadse onderrig en leer, nagraadse studies en navorsing, sowel as die reëls rondom die beheer en bestuur van so 'n entiteit gefokus het, het hul werk voltooi. Dit het die weg gebaan vir die **amptelike vestiging** van hierdie opwindende inisiatief **later vanjaar**.

Tema 6: Voorkeurwerkgewer

In ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) is ons mense ons eerste “instaatsteller” – 'n element “wat alles moontlik maak”. Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan 'n kern strategiese tema: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewes om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons 'n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van 'n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

6.1 Nuwe denke oor menslike hulpbronne

Ingevolge die US se nuwe visie en strategiese raamwerk is een van ons ses kern strategiese temas om 'n voorkeurwerkgewer te word. Vir dié doel het die Afdeling Menslike Hulpbronne met 'n proses van strategiese besinning oor die aard en rol van menslike hulpbronne by 21^{ste}-eeuse universiteite begin.

Twee strategiese sessies is gehou oor die rol van menslike hulpbronne as 'n onmisbare werktuig om die nuwe visie en strategiese raamwerk in werking te stel. Hier het deelnemers daarop gewys dat dit toepaslike institusionele belegging sal verg om nuut oor menslike hulpbronne te dink, en dat die Universiteit se begroting nie net deur strategie gerig behoort te word nie, maar ook deur die mense wat die strategie implementeer.

6.2 Aanstellingskomitee van die Senaat

Een van die doelstellings onder die kern strategiese tema om die US 'n voorkeurwerkgewer te maak is vernuwende talentwerwing, -ontwikkeling en -behoud. Met die onlangse heromskrywing van die rol van die Aanstellingskomitee van die Senaat (ASK(S)) is ons 'n tree nader daaraan om dít te verwesenlik.

Akademieaanstellings en bevorderings op senior vlak in die verskillende fakulteite is nou gedesentraliseer. Dit bied die ASK(S) die geleentheid om meer aandag te skenk aan strategiese aangeleenthede, met die klem op die bespoediging van diversiteit. Die fokusverskuiwing na strategiese sake in plaas van suiwer bedryfsaangeleenthede sluit ook in:

- die ontwikkeling van tipiese profiele vir Stellenbosse akademië; en
- die ontwikkeling van institusionele en kontekstuele kriteria vir aanstellings en bevorderings op verskillende posvlakke, wat institusionele en kontekstuele verwagtinge sowel as die realiteite in verskillende omgewings weerspieël; en
- die bevordering van talentwerwing, -ontwikkeling en -behoud in die Universiteit se personeelkorps.

Die verwagting is dat gesprekke in die heromskrewe ASK(S) 'n positiewe impak sal hê op die beleide, prosesse en praktyke wat aanstellings, bevorderings, werwing en behoud in pas met die US se strategiese doelwitte rig.

6.3 Personeeldiversifikasie

Om 'n instaatstellende omgewing te skep waarin 'n gediversifiseerde personeelkorps uitnemend kan presteer is een van die doelstellings onder die kern strategiese tema om die US 'n voorkeurwerkgever te maak. Daarom is die Afdeling Menslike Hulpbronne hard aan die werk om die diversifisering van die Universiteit se personeelkorps 'n hupstoot te gee.

Daar is goeie vordering gemaak om beter koördinering tussen omgewingsplanne, multijaarpersoneelplanne en diensbillikheidsplanne teweeg te bring. Dít sal sorg dat ons rasionele diensbillikheidsmikpunte – wat terselfdertyd vooruitskouend, konteksgepas én haalbaar is – vir die instelling en sy verskillende omgewings stel.

Menslike Hulpbronne het die afgelope tyd gereeld besoek afgelê by US-omgewings om toe te sien dat die diversifisering van ons personeelkorps bespoedig word. Omvattende strategiese werwingsaksies is ook benewens die gewone advertensieproses van stapel gestuur, wat uitloop het op die suksesvolle plasing van verskeie diversiteitskandidate in senior PASD- en akademiese poste.

Wat diensbillikheid betref, het die Diensbillikheidsadvieskomitee nou bygewerkte funksies, en sal die komitee intensief op strategiese temas met betrekking tot die diensbillikheidsproses konsentreer. Die Departement van Arbeid het ook die Universiteit se huidige diensbillikheidsplan vir die tydperk 2015–2020 goedgekeur.

6.4 nGAP aan die US

Fase 5 van die program vir 'n nuwe generasie akademië (oftewel “nGAP”) is in Desember 2018 aangekondig en die US het weer om bykomende poste aansoek gedoen.

nGAP is 'n inisiatief van die DHOO wat in 2015 van stapel gestuur is om die akademiese personeelkorps by Suid-Afrikaanse universiteite te diversifiseer. Die klem val op die aanstelling van swart Afrikaan-, bruin, Indiër- en Asiër- sowel as vroue-akademië. Jong akademië word as deel van 'n ses jaar lange program gewerf om universiteite in hulle personeelvoorsiening- en ontwikkelingstrategieë te ondersteun.

Die US beskik tans oor 17 nGAP-poste. Vyf daarvan is in 2018 toegeken (aan Agronomie, Siviele Ingenieurswese, Rekenaarwetenskap, Genetika, en Mediese Virologie) en is dus nog in die werwingsfase.

Die volgende US-departemente het voorheen nGAP-aanstellings ontvang: Landbouekonomie, Anatomie en Histologie, Toegepaste Wiskunde, Kurrikulumstudie, Ekonomie, Voedselwetenskap,

Bedryfsingenieurswese, Wiskundige Wetenskappe, Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, Privaatreg, Radiobiologie, en Maatskaplike Werk.

6.5 Diensbillikheid en transformasie

Die Transformasiekantoor werk saam met die Direkteur: Diensbillikheid om die aktiwiteite van die twee kantore sowel as van tersaaklike komitees nouer te koördineer. Die doel is om te sorg dat diensbillikheid- en transformasiepogings mekaar ondersteun en aanvul – sowel institusioneel as in die onderskeie omgewings. Hierdie koördinering help maak die US 'n voorkeurwerkgewer, veral vir persone uit die aangewese groepe.

6.6 Transformasievaardighedsopleiding

Om personeellede in staat te stel om transformasieverwante sake so te hanteer dat dit 'n inklusiewe en deernisvolle werksomgewing vir almal skep, bied ons Transformasiekantoor **transformasievaardighedsopleiding** aan. 'n Aantal werksessies is in die verslagtydperk aangebied.

6.7 Die verbetering van personeelwelstand

Personeelgesondheid en -welstand is reeds 'n voorrangsaak by die instelling, en die Oudit- en Risikokomitee het dit nou ook as 'n formele risiko geregistreer.

Menslike Hulpbronne het voorts toegesien dat die vernaamste uitkomst van die eerste opname van personeelkultuur en -klimaat, wat in 2017 onderneem is, in werking gestel word. Dit het ingesluit:

- voorsiening in die unieke behoeftes van vroue, jonger personeellede, en personeellede uit die swart Afrikaan-, bruin, Indiër- en Asiërgemeenskappe;
- 'n hersiening van die regulasies met betrekking tot buigsame werksreëlings om beter in die behoeftes van verskeie werknemers te voorsien, onder meer die behoeftes van jonger werknemers met jong kinders in die huis; en
- die aanvoer van 'n nuwe ondersoek na meer gepaste dagsorgreëlings vir werknemers se kinders.

Slot

Ek hoop hierdie bestuursverslag het vir u 'n oorsig gegee wat weer eens bevestig dat ons ons op 'n interessante moment by 'n opwindende plek met wonderlike geleenthede bevind. Ons wens u alle sterkte toe in u strewe om hierdie geleenthede in uitnemende prestasies te omskep!



**Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier**

BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

Meningsartikels (26 Okt 2018 tot 7 Feb 2019)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Herschelle Benjamin	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Is jy 'n keybord-soldier?	Netwerk24 (26 Okt)
Dr Morné Mostert	Instituut vir Toekomsnavorsing	Club of Rome sets global agenda – the implications for South Africa	News24 (28 Okt)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Hannah Cornelius: "n Mens voel nêrens meer veilig"	Netwerk24 (29 Okt)
Dr Morné Mostert	Instituut vir Toekomsnavorsing	Mboweni: the discipline paradox	Eikestadnuus (1 Nov)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	(How) can decoloniality inform "educational (curriculum) knowledge" selection?	LitNet (1 Nov)
Luke Waltham	BA (Regte)-student	Why I left the DA and have empathy with De Lille	News24 (1 Nov)
Nicolette van Schalkwyk	BA (Joernalistiek)-student	Ek is alleen en dis 'n keuse	Netwerk24 (1 Nov)
Prof Francois Vreÿ	Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA)	The emergency of a maritime security community in Africa and the role of academia in finding solutions to piracy	Maritime Review Africa (1 Nov)
Jan-Harm van Helsdingen	BCom (Regte)-student	Spoeg die A-woord uit en kou aan iets vars	Netwerk24 (1 Nov)
Heinrich Gerwel	Landbouekonomie	The importance of being Jakes	City Press (4 Nov)
Dr Celia van der Merwe	Universiteit van Kaapstad	Mental health genetics: African solutions for African challenges	The Conversation (5 Nov)
Prof Benyam Worku Dubale	Universiteit van Addis Abeba		
Dr Nathaniel McGregor	Genetika		
Esna de Kock	BRek-student	Liefdesraad vir millienniers	Netwerk24 (6 Nov)
Dr Collette Schulz-Herzenberg	Politieke Wetenskap	Undecided voters will be key as survey shows party loyalties are waning	Business Live (7 Nov)
Dr Diane Bell	<i>Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie</i>	Students with hearing loss get a raw deal: a South African case study	The Conversation (7 Nov)
Prof Estelle Swart	Opvoedkundige Sielkunde		
Esna de Kock	BRek-student	BTW: Kyk tog 'n slag na die positiewe!	Netwerk24 (8 Nov)
Faeza Skaarneek	BEd-student	My lang pad na universiteit	Netwerk24 (8 Nov)
Herschelle Benjamin	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Is bruin nasionalisme op pad?	Netwerk24 (8 Nov)
Alchadvon Fransman	BA (Geesteswetenskappe)-student	Hoekom stem niemand meer vir die SR nie?	Netwerk24 (9 Nov)
Dr Collette Schulz-Herzenberg/ Dr Cindy Lee Steenekamp/ Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Hello! Women voters have real clout	Mail & Guardian (9 Nov)
Steve McCallum/ Prof Suzette Viviers	Ondernemingsbestuur	Profiting from the provision of a basic human right	Moneyweb (10 Nov)
Simthembile Xeketwana	Kurrikulumstudie	Unfair burden placed on our teachers	The Star (12 Nov)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Schooling injustice	Cape Argus (13 Nov)
Steve McCallum/ Prof Suzette Viviers	Ondernemingsbestuur	How impact investment can tackle our water shortages	Fin24 (14 Nov)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Faadiel Essop	Fisiologiese Wetenskappe	The important role of family support for diabetes self-management	Health24 (14 Nov)
Wian Bester	BSc (Menslike Wetenskappe)-student	Beste Cyril, wat gaan aan met NSFAS?	Netwerk24 (14 Nov)
Steve McCallum/ Prof Suzette Viviers	Ondernemingsbestuur	Nebulous definition of impact investment a possible bar to wider adoption	Business Day (15 Nov)
Prof André Roux	US Bestuurskool	Why not adopt 'why can't we' attitude?	Eikestadnuus (15 Nov)
Prof Eugene Cloete	Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie	Beurtwater dalk ons voorland	Eikestadnuus (15 Nov)
Mariné Bothma	LLB-student	Slagofferkultuur floreer op kampusse	Netwerk24 (16 Nov)
Dr Cornis van der Lugt	US Bestuurskool	What big lessons can SA learn from the Brexit saga?	Business Day (19 Nov)
Mphumzi Mdekazi	Politieke Wetenskap	Democracy's future warning	EWN (19 Nov)
Natasha Harmse	BA (Geesteswetenskappe)-student	'Ek wil 'n woonwa-bewoner in jou agtererf wees'	Netwerk24 (19 Nov)
Eduard Beukman	BA (Geesteswetenskappe)-student	Studente, kom ons neem SA na die res van Afrika	Netwerk24 (20 Nov)
Alex van Greuning	LLB-student	Reik na die sterre, maak foute en leer soveel jy kan	Netwerk24 (20 Nov)
Herschelle Benjamin	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Monopoly vir millenniërs	Netwerk24 (22 Nov)
Anke van der Merwe	BA (Taal en Kultuur)-student	Vierdejaar-sindroom en die druk om af te haak	Netwerk24 (22 Nov)
Wamahlubi Ngoma	MBCbB-student	Skynheiligheid is die doodsklok vir empatie	Netwerk24 (22 Nov)
Roxanne Mooneys	BA (Geesteswetenskappe)-student	Is die pen werklik magtiger as die swaard?	Netwerk24 (23 Nov)
Prof Julie Claassens	Ou en Nuwe Testament	Granddaughters of the witches you weren't able to burn	News24 (25 Nov)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Leerplan wat SA pas	Beeld (27 Nov)
Elodi Troskie	BA (Taal en Kultuur)-student	Wie is ek sonder die Wi-Fi?	Netwerk24 (27 Nov)
Dr Chris Jones	Praktiese Teologie en Missiologie	Statistics are telling a not-so-good story about SA	Cape Argus (28 Nov)
Prof Ashraf Kagee	Sielkunde	The academic boycott of Israel and the politics of normalisation	Daily Maverick (28 Nov)
Dr Amy Slogrove	Pediatrie en Kindergesondheid	Babies born to mums with HIV face higher risks even though they're HIV negative	The Conversation (28 Nov)
Prof Kathleen Powis	Mediese Fakulteit, Harvard		
Prof Mary-Ann Davies	Universiteit van Kaapstad		
Dillon Henwood	BEd-student	Kommunikasie is die kruks van enige verhouding	Netwerk24 (28 Nov)
Mart-Marié Serfontein	BA (Regte)-student	'Victim blaming': Die slagoffer mag nie die skuld dra nie	Netwerk24 (28 Nov)
Prof Pumla Gobodo-Madikizela	Historiese Trauma en Transformasie	Why memories of the Truth and Reconciliation Commission still ache	The Conversation (29 Nov)
Heléne Leonard	BA (Taal en Kultuur)-student	Dís hoekom Stellies die beste is ...	Netwerk24 (30 Nov)
Tian Alberts	BCom (Regte)-student	Die tirannie van 'geleefde ervarings'	Rapport (2 Des)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtigheid	Adoption can help destitute children	City Press (2 Des)
Linda Kallis/ Kristen Mckenzie/ Prof Suzette Viviers/ Dr Nadia Mans-Kemp	Ondernemingsbestuur	Shareholder activism is effective in reducing excessive pay packages, study shows	Business Day (3 Des)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Aldon Barend	BA (Spraak-Taal- en Gehoortherapie)-student	'Beste Cyril, staar ons 'n wit volksmoord in die gesig?'	Netwerk24 (3 Des)
Roxanne Mooneys	BA (Geesteswetenskappe)-student	'Jy is nie alleen nie'	Netwerk24 (4 Des)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Remembering Mandela's version of liberalism – inclusive and diverse	News24 (5 Des)
Kara van der Berg	BA (Geesteswetenskappe)-student	Hoe nou? Julle trou?!	Netwerk24 (5 Des)
Mariné Bothma	LLB-student	Feminisme: Vriend of vyand?	Netwerk24 (5 Des)
Kathryn van den Berg	BA (Geesteswetenskappe)-student	Ons weet nie meer hoe om met mekaar te praat nie ...	Netwerk24 (5 Des)
Dr Renata Schoeman	US Bestuurskool	South Africa's children aren't getting the mental health care they need	The Conversation (6 Des)
Dennis Delpont	BA (Joernalistiek)-student	Pres. Ramaphosa, dink mooi oor grondverdeling	Netwerk24 (7 Des)
Prof Maureen Robinson	Kurrikulumstudie	Preparing the next generation of teachers for SA's realities	News24 (9 Des)
Prof Mark Swilling	Sentrum vir Komplekse Sisteem in Transisie/Volhoubaarheidsinstituut	Ramaphosa is missing an economic policy. What needs to be in it	The Conversation (10 Des)
Mart-Marié Serfontein	BA (Regte)-student	Wat beteken feminisme vir jou?	Netwerk24 (11 Des)
Juandré de Bruyn	BIng (Meganies)-student	Inklusiwiteit by US sluit my uit	Netwerk24 (11 Des)
Prof André Roux	US Bestuurskool	Election gives Ramaphosa a chance to right the tilting ship	Pretoria News (12 Des)
Prof Peter Rule	Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys	How to make reading fun – and part of life beyond the school room	The Conversation (12 Des)
Dr Zelda Barends	Kurrikulumstudie		
Heléne Leonard	BA (Taal en Kultuur)-student	'Dis nie maklik om 'n student te wees nie'	Netwerk24 (13 Des)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	There is no future without justice	News24 (16 Des)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Morele Leierskap	Nuwe 'deure' nou broodnodig	Die Burger (21 Des)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtigheid	Are we a nation of moaners?	City Press (23 Des)
Dr Marnet Jordaan	Joernalistiek	Die alledaagsheid van die andersheid van bipolar-wees	Beeld (27 Des)
Dr Tienie Ehlers	US Bestuurskool	How leaders can learn from referees	Cape Argus (2 Jan)
Leandri Louw	BMus-student	'Dis 'n nuwe jaar, maar dieselfde ek'	Netwerk24 (3 Jan)
Shaznay Henney	BA (Sosiale Dinamika)-student	Die stryd van vrouwees	Netwerk24 (3 Jan)
Reynard Marx	BIng (Meganies)-student	Nuwe insigte oor Stellenbosch	Netwerk24 (3 Jan)
Corné Jooste	BSc (Fisioterapie)-student	Universiteit: Is dit jou kans op 'n nuwe begin?	Netwerk24 (3 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Hier lê Afrikaans se wortels	Die Burger (3 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Opwaartse kurwe, maar ...	Die Burger (5 Jan)
Dr Nic Spaull	Ekonomie	Increase in 2018 Matric bachelor's passes means universities headed for a perfect storm	Daily Maverick (7 Jan)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Ons land is nog nie genees nie	Netwerk24 (7 Jan)
Nicola Vermooten	PhD-student (Ekonomie)	Tertiary institutions should adopt rigorous admission criteria for teacher education programmes	Daily Maverick (10 Jan)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Aletta Simpson	BA (Geesteswetenskappe)-student	Dis hoe 'n mens met studente praat	Netwerk24 (10 Jan)
Dennis Delpont	BA (Joernalistiek)-student	'Ek is 'n man en 'n feminis'	Netwerk24 (11 Jan)
Danielle Lifschitz	BCom-student	2018: 'n Jaar van skokke én oorwinnings	Netwerk24 (11 Jan)
Carla Visagie	BRek-student	Kan grond-onteiening dalk goed wees?	Netwerk24 (11 Jan)
Karin Rautenbach	BA (Regte)-student	Die realiteit van onafhanklik wees	Netwerk24 (11 Jan)
Dr Martin Gustafsson	Ekonomie	Pass rate says little about schooling	Mail & Guardian (11 Jan)
Themba lethu Seyisi	LLB-student	Laerskool Schweizer-Reneke: 'Die pyn is oud en diep'	Netwerk24 (11 Jan)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	Cheat sheet for VCs running universities in turbulent times	The Conversation (14 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Schweizer-Reneke is 'n wekroep vir alle skole	Netwerk24 (14 Jan)
Kayrie Toerien	BSc-student	'Afrikaans is onskuldig'	Netwerk24 (15 Jan)
Aldon Barend	BA (Spraa-Taal- en Gehoortherapie)-student	Grond: 'SA is nader aan 'n oorlog as wat ons dink'	Netwerk24 (16 Jan)
Carla Visagie	BA (Geesteswetenskappe)-student	Calvinia: Dis die stories wat ons dra	Netwerk24 (16 Jan)
Dr Schalk Engelbrecht	Sentrum vir Toegepaste Etiek	Social media winning battles for 'everyman', but beware	Business Day (18 Jan)
Tariq Khan	BA (Sosiale Dinamika)-student	Jou bruin vel maak jou 'n slagoffer in SA	Netwerk24 (17 Jan)
Mart-Marié Serfontein	BA (Regte)-student	My vakansie wat ek nie kon Instagram nie	Netwerk24 (17 Jan)
Nicholas Carroll	LLB-student	Enkelgeslagskole: Is dit nog relevant?	Netwerk24 (18 Jan)
Eduan Beukman	BRek LLB-student	Pasop om 'n tropdier te word	Netwerk24 (18 Jan)
Doris Viljoen	Instituut vir Toekomsnavorsing	Responsible consumption and production: Why less is better	News24 (19 Jan)
Prof Mark Swilling	Sentrum vir Komplekse Sisteeme in Transisie/ Volhoubaarheidsinstituut	The Zuma power elite is alive, kicking and preparing to replace Ramaphosa	Daily Maverick (21 Jan)
Anke van der Merwe	BA (Taal en Kultuur)-student	'Spaar ons van die soen-emojis op sosiale media'	Netwerk24 (21 Jan)
Frederik van Dyk	LLB-student	SCHWEIZER: Juf. Elana is 'tot sondebok geslaan'	Netwerk24 (21 Jan)
Nina Ackerman	MBChB-student	Ek kan stem! Wat nou?	Netwerk24 (21 Jan)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	'n Vreemde land, maar ...	Die Burger (22 Jan)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtigheid	A year to use your own agency	Financial Mail (24 Jan)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	'Ek weet nie vir wie om te stem nie'	Netwerk24 (24 Jan)
Heinrich Anderson	BCom-student	VERKIESING: 18 word is oor meer as drink	Netwerk24 (24 Jan)
Dr Jerome Joorst	Opvoedingsbeleidstudie	Racism is still rife in South Africa's schools. What can be done about it	The Conversation (24 Jan)
Doris Viljoen	Instituut vir Toekomsnavorsing	Rethink consumption, production	Eikestadnuus (24 Jan)
Dané Dooge	LLB-student	Hou maar aan, jy soen dalk net die prins raak	Netwerk24 (24 Jan)
Corné Jooste	BSc (Fisioterapie)-student	Studente, geld groei nie op jou ouers se rug nie!	Netwerk24 (24 Jan)
Dr Chris Jones	Praktiese Teologie en Missiologie	Do more to eradicate illegal initiation schools	Cape Argus (25 Jan)
Prof Evangelos Mantzaris	Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie by die Universiteit Stellenbosch (ACCERUS)	Corruption a 'real national threat'	News24 (27 Jan)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Janique Oliver	BA (Taal en Kultuur)-student	Jou beroep: Jy hoef nie op 18 al te weet nie	Netwerk24 (29 Jan)
Dr Wayne Muller	Korporatiewe Kommunikasie/ Africa Open	How South Africans forged a path to making opera truly African	The Conversation (29 Jan)
Cornis van der Lugt	US Bestuurskool	SA should focus on sustainable criteria to grow fintech	Business Day (30 Jan)
Dr Nadia Mans-Kemp	Ondernemingsbestuur	CEO's exit underscores how few South African women hold top jobs	The Conversation (30 Jan); Business Live (31 Jan); EWN (31 Jan); Moneyweb (31 Jan); The Citizen (1 Feb); Daily News (1 Feb); Weekend Post (2 Feb)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Poverty and education success: 'The odds are against us'	Daily Maverick (1 Feb)
Prof Piet Naudé	US Bestuurskool	SA's systemic corruption — the bigger picture	Business Live (1 Feb)
Dr Alanna Rebelo	Bewaringsekologie en Entomologie	Part of the answer to surviving climate change may be South Africa's wetlands	News24 (2 Feb)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtigheid	We are miseducating our children	City Press (3 Feb)
Tian Alberts	BCom (Regte)-student	Ek daag US uit om teendeel te bewys	Rapport (3 Feb)
Dr Chris Jones	Praktiese Teologie en Missiologie	G'n pionne meer; ons kyk breër	Rapport (3 Feb)
Dr Francois Cleophas	Sportwetenskap	The fourth industrial revolution and sport: why we need to be vigilant	The Conversation (3 Feb)
Prof Vikash Sewram	Afrika-kankerinstituut	'I Am and I Will' is the empowering call to combat cancer	Cape Argus (4 Feb)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Die pad vorentoe: 'n keuse tussen maak en breek	Maroela Media (4 Feb)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Uil vlieg eers skemertyd	Die Burger (5 Feb)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Zero tolerance on FGM	Cape Argus (7 Feb)

Rubrieke (26 Okt 2018 tot 7 Feb 2019)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Johan Fourie	Ekonomie	Ramaphosa's number one challenge: getting rid of patronage politics	Finweek (8 Nov)
		Be careful what you wish for	Finweek (22 Nov)
		Hoekom ons maar die rektor se salaris kan verdubbel	Rapport (18 Nov)
		The importance of our teachers	Finweek (6 Des)
		Five young economists to listen to	Finweek (20 Des)
		Finding an identity worth fighting for	Finweek (24 Jan)
		Debt: Evil or enabling?	Finweek (7 Feb)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Integriteit bly die ANC ontwyk	Die Burger (6 Nov)
		Dié aanval maak die punt vir my	Die Burger (20 Nov)
		Dalk moet EFF nie dekking kry	Die Burger (4 Des)
		Voorspellings in 2019 onmoontlik	Die Burger (15 Jan)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	In Pittsburgh and Citrusdal, gestures banish hate	Times Live (1 Nov)
		Lessons from the middle of a gangster's paradise	Times Live (8 Nov)
		We attack vice-chancellors' pay because we despise education	Times Live (15 Nov)
		What Momentum – and SA – sorely need is some big-picture thinking	Times Live (22 Nov)
		School awards evenings should be a win-win for all	Times Live (29 Nov)
		Government sheds credibility with every vital service that collapses	Times Live (6 Des)
		The most powerful gifts are wrapped in selflessness	Times Live (13 Des)
		If SA wants good teachers, bring back colleges	Times Live (20 Des)
		Don't believe the hype: most graduates do find jobs	Times Live (27 Des)
		Politicians will try to divide us in 2019. We must resist	Times Live (3 Jan)
		The matric results magic show: what a load of nonsense	Times Live (10 Jan)
		Don't just scapegoat the teacher. Fix the whole, rotten system	Times Live (16 Jan)
		... and here's the Jansen article that so angered the government	Times Live (16 Jan)
		Our gadget-verskrik minister needs to fix schools before buying iPads	Times Live (24 Jan)
		Deep down, we are all like the Schweizer-Reneke teacher	Times Live (31 Jan)
Education's in crisis from Wits to Driehoek, but SONA will ignore it	Times Live (7 Feb)		

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Transformasie moenie verdag gemaak word	Die Burger (31 Okt)
		Dit is tyd vir nuut dink oor nederigheid	Die Burger (21 Nov)
		Mans kan lei in protes teen dié geweld	Die Burger (28 Nov)
		Geregtigheid is lakmoestoets vir alle deugde	Die Burger (19 Des)
		Ons hoef nie ons drome te laat sterf nie	Die Burger (16 Jan)
		Wat bedoel ons met 'n pleit vir gelykheid?	Die Burger (23 Jan)
Dr Leslie van Rooi	Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	Renier van Rooyen sal steeds verskil in SA maak	Netwerk24 (15 Nov)
		Ekonomiese wiele in SA draai al hoe stadiger	Netwerk24 (6 Des)
		Beveg negatiewe kommentaar met feite	Netwerk24 (27 Des)
		Watter lesse kan ons by jeugleiers leer?	Netwerk24 (24 Jan)
Prof Reggie Nel	Dekaan: Teologie	Ons kort weer stemme wat by kwesbares staan	Beeld (14 Nov)
		Clifton: Ware kwessie is die lot van armes	Beeld (9 Jan)